Nadat die groei in die totale *reële bruto binnelandse vaste investering* van 'n toename teen 'n jaarkoers van 8 persent in die eerste kwartaal van 1996 tot $2\frac{1}{2}$ persent in die vierde kwartaal afgeneem het, het dit in die eerste kwartaal van 1997 verder tot ongeveer 2 persent verlangsaam. Dit het veroorsaak dat die vlak van die reële bruto binnelandse vaste investering in die eerste kwartaal van 1997 nagenoeg $3\frac{1}{2}$ persent hoër was as in die ooreenstemmende kwartaal van 1996.

Die totale reële bruto binnelandse vaste investering van die *private sektor* het in die eerste kwartaal van 1997 teen 'n jaarkoers van 2 persent toegeneem, wat aansienlik laer was as die gemiddelde koers van toename van 6 persent per kwartaal wat gedurende 1996 aangeteken is. Dit was nietemin die sesstiende agtereenvolgende styging in die reële vaste investering van die private sektor. Gevolglik was die vlak van vaste

Huishoudingskuld as persentasie van persoonlike beskikbare inkomme



kapitaalvorming van die private sektor in die eerste kwartaal van 1997 ongeveer 38 persent hoër as by die onderste draaipunt van die golfbeweging van investering deur die private sektor in die eerste kwartaal van 1993.


Met die uitsondering van die mynboubedryf, het al die hoofsektore van ekonomiese bedrywigheid gedurende die eerste kwartaal van 1997 bygedra tot die groei in die reële vaste investering van private sakeondernemings. Aansienlike toenames kon veral in die fabriekswesesektor (teen 'n geraamde koers van ongeveer 4½ persent) en in die landbousektor waargeneem word. Vaste investering deur die private sektor is verder deur die ontwikkeling van nuwe kleinhandelinkopiesentra en hotelle aangehelp, terwyl investering in woongeboue betreklik lewendig gebly het, veral in hoëdigtheidseenhede wat deur streng veiligheidsmaatreëls gekenmerk word.

Reële vaste investering deur *openbare korporasies* wat in die laaste drie kwartale van 1996 teen seisoensaangesuiwerde jaarkoerse van tussen 2 en 12½ persent gedaal het, het in die eerste kwartaal van 1997 met 1½ persent toegeneem. Die openbare korporasies wat verantwoordelik is vir die verskaffing van elektrisiteit en kommunikasiedienste was hoofsaaklik vir die hoër vlak van investeringsbedrywigheid verantwoordelik, omdat hulle met die verskaffing van noodsaaklike dienste in die onderontwikkelde streke van die land voortgegaan het.

In die eerste kwartaal van 1997 het die reële bruto binnelandse vaste investering deur die *openbare owerhede* teen 'n jaarkoers van ongeveer 4 persent toegeneem. Dit het gevolg op toenames van kwartaal tot kwartaal van tussen 2 en 6 persent gedurende 1996. Hierdie toename in die eerste kwartaal van 1997, soos dié in voorafgaande kwartale, het op sentrale, provinsiale en plaaslike owerheidsvlak voorgekom en was 'n weerspieëeling van die vordering met die implementering van infrastrukturele ontwikkeling ingevolge die heropbou- en ontwikkelingsmikpunte van die regering.

Die geleidelike verlangsaming in die pas waarteen voorrade in die tweede helfte van 1996 opgebou is, is in die eerste kwartaal van 1997 deur 'n daling in die vlak van voorrade gevolg. Hierdie daling in die vlak van voorrade en die gevoldlike negatiewe verandering in voorraadinvestering in die eerste kwartaal van 1997, was hoofsaaklik in die skerp daling in strategiese olievoorraad, en in die voorrade van die mynbou, fabriekswese, kleinhandel en motorhandel waarneembaar. Positiewe voorraadinvestering het nog in die groothandel en in die landbouvoorraad in die handel voorgekom, maar dit was betreklik onbeduidend in vergelyking met die vermindering van voorrade in die ander sektore van die ekonomie. Die vlak van nywerheids- en handelsvoorraad as 'n persentasie van die bruto binnelandse produk het van 18½ persent in die vierde kwartaal van 1996 tot 18 persent in die eerste kwartaal van 1997 afgeneem.

Verandering in totale reële voorrade



Faktorinkome

Die groei oor vier kwartale in die totale *nomiale faktorinkome* teen markpryse het van 12 persent in die vierde kwartaal van 1996 tot 10½ persent in die eerste kwartaal van 1997 afgeneem. Hierdie verlangSAMING van die groei in die nominale inkome was te wyte aan aansienlik laer toenames in die bedryfsurplusse van sakeondememings en onveranderde groei van jaar tot jaar in die totale arbeidsvergoeding.

Groei in die *nomiale bruto bedryfsurplusse* van sakeondernemings, gemeet oor tydperke van vier kwartale, het van 15½ persent in die vierde kwartaal van 1996 tot 10 persent in die eerste kwartaal van 1997 afgeneem. Hierdie swakker groei was die gevolg van skerp dalings in die bruto inkome van boere en in die bruto bedryfsurplus van die mynbousektor. Die goudmynboubedryf is nadelig geraak deur die toename in die eksterne waarde van die rand en die gelyktydige daling in die dollar-prys van goud wat noodwendig 'n negatiewe uitwerking op die winsgewendheid van die bedryf gehad het. Die groei oor vier kwartale in die nominale bruto bedryfsurplus van die sekondêre en tersiêre sektore het van 15 persent in 1996 tot 11 persent in die eerste kwartaal van 1997 afgeneem. Hierdie afname was in ooreenstemming met die algemene verlangSAMING in die pas van ekonomiese bedrywigheid in die eerste drie maande van 1997.

Die koers van toename van jaar tot jaar in die totale vergoeding van werknemers het in die eerste kwartaal van 1997 onveranderd gebly op die koers van 10½


persent wat in die vierde kwartaal van 1996 aangeteken is. Hierdie betreklike onbuigsaamheid in die groei oor vier kwartale in werknemersvergoeding was in feitlik al die sektore van die ekonomie waarneembaar en was die gevolg van klein dalings in die vlak van werkverskaffing in die nie-landbousektore van die ekonomie en betreklik matige salaris- en loonaanpassings tot en met die eerste kwartaal van 1997. Die toename in die vergoeding van werknemers het egter steeds die styging in die totale bruto bedryfsurplus oortref, wat daartoe gelei het dat die verhouding van die vergoeding van werknemers tot die totale faktorinkome effens van 59 persent in die vierde kwartaal van 1996 tot 59½ persent in die eerste kwartaal van 1997 toegeneem het.

Binnelandse besparing


Die verhouding van die totale *bruto binnelandse besparing* tot die bruto binnelandse produk het van 16½ persent in die vierde kwartaal van 1996 tot 15½ persent in die eerste kwartaal van 1997 gedaal. Hierdie lae besparingsverhouding, wat die gevolg was van 'n volgehoue hoë vlak van ontsparing deur die algemene owerheid en 'n verswakking in die besparingsgeneigdheid van die private sektor, verdien dringende aandag in die lig van die behoefte om vaste investering in die ekonomie te bevorder met die oog op die bevordering van werkverskaffing.

Netto ontsparing deur die algemene owerheid as 'n persentasie van die bruto binnelandse produk het van

Bruto bedryfsurplus en arbeidsvergoeding



Bruto binnelandse besparing as persentasie van bruto binnelandse produk



3½ persent in die vierde kwartaal van 1996 tot 4 persent in die eerste kwartaal van 1997 verswak. Hierdie agteruitgang is veroorsaak deur 'n versneling in die besteding deur die algemene owerheid, hoofsaaklik aan goedere en dienste en rentebetalings op staatskuld, wat nie ten volle deur 'n styging in direkte en indirekte belasting gedek kon word nie. Die verlangsaming in die groei van die bedryfsurplus en die gevoulgleke verswakking in die netto besparing van die maatskappysektor was verantwoordelik vir 'n daling in die besparing van die private sektor van 6½ persent van die bruto binnelandse produk in die vierde kwartaal van 1996 tot 6 persent in die eerste kwartaal van 1997.




Werkverskaffing

Totale werkverskaffing in die formele sektore van die ekonomie buite die landbou het in die vierde kwartaal van 1996 teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van 0,4 persent toegeneem. Dit was die eerste kwartaallikse toename in totale werkverskaffing in die formele sektor sedert die vierde kwartaal van 1995. Afnames van kwartaal tot kwartaal teen seisoensaangesuiwerde jaarkoerse van 3,9 persent in die eerste kwartaal van 1996, 1,0 persent in die tweede kwartaal en 1,5 persent in die derde kwartaal het die toename in totale werkverskaffing in die vierde kwartaal voorafgegaan. Die gemiddelde vlak van werkverskaffing in die formele sektore van die ekonomie buite die landbou was gevoulglek in 1996 steeds 1,1 persent laer as die gemiddelde vlak wat in 1995 aangeteken is. Hierdie afname in 1996 het die algehele afname in werkgeleenthede in die formele sektore van die ekonomie oor die tydperk 1989 tot 1996 op 7,0 persent te staan gebring. Ongeveer een uit elke veertien werkgeleenthede wat in 1989 bestaan het, het met ander woorde in die daaropvolgende sewe jaar tot niet gegaan.

Werkverskaffing in die *private sektor* het vir vyf opeenvolgende kwartale tot en met die derde kwartaal van 1996 afgeneem teen seisoensaangesuiwerde jaarkoerse wat tussen 0,6 persent en 5,8 persent gewissel het, maar daarna in die vierde kwartaal met 0,9 persent toegeneem. Die toename in werkgeleenthede in die private sektor het gedurende die vierde kwartaal van 1996 in die mynbou- en konstruksiesektor, die kleinhandel en die versekeringswese voorgekom, terwyl afnames in werkgeleenthede steeds in die fabriekswese, die opwekking van elektrisiteit, banke en die private padvervoersektor voorgekom het. Ten spyte van die verhoging in totale werkverskaffing deur die private sektor gedurende die laaste kwartaal van die jaar, het die gemiddelde vlak van werkverskaffing in hierdie sektor in 1996 nogtans teen 'n koers van 2,7 persent afgeneem.

Totale werkverskaffing deur *openbare owerhede* het in sowel 1994 as 1995 met 0,5 persent toegeneem. 'n Klein afname in werkverskaffing deur die openbare sektor teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van 0,2 persent is daarna in die eerste kwartaal van 1996

Werkverskaffing buite die landbou



aangeteken, gevoulglek deur 'n sterk toename teen 'n koers van 3,9 persent in die tweede kwartaal en 0,9 persent in die derde kwartaal. Hoewel werkverskaffing deur die openbare sektor in die vierde kwartaal weer teen 'n koers van 0,5 persent afgeneem het, was die gemiddelde vlak van werkverskaffing in hierdie sektor in 1996 nogtans 2,0 persent hoër as in 1995. As 'n persentasie van totale werkverskaffing in die formele sektore buite die landbou, het werkverskaffing deur die openbare sektor van 30,3 persent in die eerste kwartaal van 1990 tot 34,7 persent in die vierde kwartaal van 1996 toegeneem.

Die afname in die gemiddelde vlak van werkverskaffing in die formele sektor is ook in die toename van 8,3 persent in die gemiddelde *getal geregistreerde werklose persone* in 1996 weerspieël. In Desember verlede jaar was die totale getal geregistreerde werklose persone ongeveer 283 000.

'n Belangrike onlangse ontwikkeling wat waarskynlik die reguleringsomgewing waarbinne die arbeidsmark funksioneer kan verander, was die publikasie van die Konsepwet op Basiese Diensvoorwaardes in April 1997. Die doel van die Konsepwet is om ekonomiese ontwikkeling en maatskaplike geregtigheid te bevorder deur basiese diensvoorwaardes daar te stel en af te dwing. Die Wet is op 'n wye reeks werkgewers en werkneemers van toepassing en stel onder andere 'n korter werkweek, langer vakansieverlof en 'n hoër premie vir oortydwerk voor. 'n Voorstel is ook ingedien dat 'n besigheidsheffing ingestel word ten einde 'n opleiding- en onderwysstrategie vir die land te befonds. In soverre die inwerkingstelling van hierdie voorstelle kan lei tot 'n verhoging in die loon- en nie-loonkoste van arbeid, kan dit nadelige gevolge vir die algehele vlak van werkverskaffing in die formele sektore van die ekonomie inhoud.

Arbeidskoste en produktiwiteit

Die koers van toename van jaar tot jaar in die gemiddelde *nominale vergoeding per werker* het van 10,4 persent in 1993 tot 11,9 persent in 1994 versnel. Dit het daarna in 1995 tot 9,4 persent teruggeval, voordat dit weer in 1996 tot 'n koers van 10,2 persent verstewig het. Die koers van toename oor vier kwartale in nominale vergoeding per werker het ononderbroke van 'n mees onlangse laagtepunt van 7,1 persent in die tweede kwartaal van 1995 tot 11,1 persent in die eerste kwartaal van 1996 versnel. Groei in die nominale vergoeding het in die tweede en die derde kwartale van 1996 effens afgeneem,

maar toe in die vierde kwartaal redelik betekenisvol tot 9,1 persent verlangsaam.

Die nominale vergoeding per werker in die *private sektor* het met 10,0 persent in 1994, 11,2 persent in 1995 en 10,7 persent in 1996 toegeneem. Indien die koers van toename oor een jaar kwartaalliks gemeet word, het dit van 12,5 persent in die eerste kwartaal van 1996 tot 10,4 persent in die tweede kwartaal en 11,2 persent in die derde kwartaal afgeneem. 'n Verlangsaming in die nominale loontoenames in die fabriekswesese sektor en in die groot-, klein- en motorhandel het daartoe geleid dat die koers van toename oor vier kwartale in vergoeding per werker in die private sektor daarna tot 8,8 persent in die vierde kwartaal van 1996 afgeneem het.

Die toename in vergoeding per werker in die *openbare sektor* het van 'n koers van 14,9 persent in 1994 tot 6,5 persent in 1995 verlangsaam, maar daarna in 1996 tot 8,9 persent versnel. In teenstelling met die verloop van vergoeding in die private sektor, het die koers van toename oor vier kwartale in die vergoeding per werker in die openbare sektor van 8,4 persent in die derde kwartaal van 1996 tot 9,0 persent in die vierde kwartaal versnel – 'n koers van toename wat naastenby dieselfde was as dié van werkers in die private sektor in daardie kwartaal.

Die koers van toename in die *reële vergoeding per werker* in die nie-landbousektore van die ekonomie (soos deur die prysdeflator vir die nie-landbou bruto binnelandse produk gedefleer) het van 3,2 persent in 1994 tot 0,8 persent in 1995 en 0,5 persent in 1996 verlangsaam. Die regering se strategie vir Groei, Werkverskaffing en Herverdeling het 'n afname van 0,5 persent in reële lone vir 1996 in die vooruitsig gestel. Hoewel reële vergoeding per werker in die kalenderjaar 1996 in die geheel toegeneem het, het dit nogtans oor een jaar teen 'n koers van 1,1 persent in die vierde kwartaal afgeneem. Hierdie afname is egter deur betreklike sterk jaar-tot-jaar-groeikoerse in die eerste drie kwartale van 1996 voorafgegaan.

Reële produksie per werker in die sektore van die ekonomie buite die landbou het met 2,7 persent in 1994, 3,3 persent in 1995 en 3,0 persent in 1996 toegeneem. Die toename in produktiwiteit in 1995 was die grootste wat sedert 1984 aangeteken is. Hierdie hoë koerse van toename in produktiwiteit was die gevolg van plaaslike produsente se reaksie op verskerpte mededinging van buitelandse verskaffers, asook binnelandse kostendruk wat deels uit werkers se eise vir hoër nominale lone gespruit het. Die reaksie van binnelandse produsente het ook tot 'n verdere toename in die kapitaalintensiteit van produksieprosesse in die Suid-Afrikaanse ekonomie geleid, met die gevolg dat die vraag na arbeid en groei in werkverskaffing onderdruk is.


Die sterk groei in produktiwiteit in die onlangse jare het tot betreklik lae koerse van toename in die *nominale arbeidseenheidskoste* geleid. Die styging van jaar tot jaar in die nominale arbeidseenheidskoste het

Tabel 4. Arbeidskoste en produktiwiteit

Pesentasieverandering oor een jaar

Tydperk	Vergoeding per werker		Produk- twiteit	Nominale arbeidseen- heidskoste
	Nominaal	Reëel		
1995: 1e kw....	11,7	2,9	2,8	8,7
	2e kw....	7,1	-1,0	3,2
	3e kw....	8,9	0,6	3,9
	4e kw....	10,1	0,8	3,1
	Jaar.....	9,4	0,8	3,3
1996: 1e kw....	11,1	2,0	3,3	7,5
	2e kw....	10,3	0,6	3,1
	3e kw....	10,4	0,4	2,5
	4e kw....	9,1	-1,1	3,1
	Jaar.....	10,2	0,5	3,0

Nominale vergoeding per werker en nominale arbeidseenheidskoste



in 1995 tot 5,9 persent afgeneem – die laagste koers van toename van jaar tot jaar sedert 1972. Die versnelling in die nominale loongroei en die geringe afname in produktiwiteitsgroei het daarna gesamentlik die groei in die nominale arbeidseenheidskoste tot 7,0 persent in 1996 laat versnel. Die toename oor vier kwartale in die *nominale arbeidseenheidskoste* het egter van koerse hoër as 7 persent in die eerste drie kwartale van 1996 tot 5,8 persent in die vierde kwartaal verlangsaam.

Pryse

Die laer groei in die arbeidskoste per eenheid van produksie was 'n belangrike faktor wat bygedra het om

die inflasiekoers in 1995 en die eerste kwartaal van 1996 te laat verlangsaam. Die stadiger toename in arbeidskoste in 1995 is deur die deurlopende toepassing van 'n teeninflasionêre monetêre beleid, die verlaging van tariewe op ingevoerde goedere, betreklik klein toenames in voedselprysse en die relatiewe sterkte van die rand in die mark vir buitelandse valuta tot die middel van Februarie 1996 bewerkstellig. Die verlangsaming in inflasie is in die tweede kwartaal van 1996 omgekeer toe sekere van die kragte wat inflasie teruggehou het van rigting verander het en verdere opwaartse druk op prys begin uitoeft het: die rand het in Februarie 1996 begin depresieer, die styging in die nominale arbeidseenheidskoste het vanaf die vierde kwartaal van 1995 begin versnel, voedselprysstygings het vinnig versnel en die snelle uitbreiding van geld- en kredietgrootte het aanleiding gegee tot die voortsetting van verwagtings van hoë inflasie. Dit wil voorkom asof die tempo van prysinflasie in die eerste kwartaal van 1997 weer eens verlangsaam het.

Inflasie, soos gemeet aan veranderings in die *omvattende produksieprysindeks*, het van 9,6 persent in 1995 tot 6,9 persent in 1996 gedaal. Die toename van kwartaal tot kwartaal teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers het per saldo van 'n jongste hoogtepunt van 14,3 persent in die eerste kwartaal van 1995 tot 5,1 persent in die eerste kwartaal van 1996 gedaal, maar toe momentum herwin en in die vierde kwartaal van 1996 tot 12,7 persent versnel voordat dit in die eerste kwartaal van 1997 weer tot 8,4 persent verlangsaam het. Gemeet oor tydperke van twaalf maande, het omvattende produksieprysinflasie in April 1996 tot 5,3 persent afgeneem, voordat dit tot 9,3 persent in Februarie 1997 en 9,6 persent in Maart versnel het. Die koers in Maart 1997 was die hoogste koers wat in 21 maande waargeneem is.

Die bewegings in die prysse van *binnelands geproduseerde goedere* was min of meer 'n weerspieëeling van die omvattende produksieprysindeks. Die koers van toename van jaar tot jaar in die prysse van binnelands geproduseerde goedere het van 9,9 persent in 1995 tot 7,5 persent in 1996 gedaal. Die koers van toename van

Tabel 5. Die koers van toename van kwartaal tot kwartaal in prysse

Seisoensaangesuiwerde jaarkoerspersentasie

Kwartaal	Ingevoerde goedere	Binnelands geproduseerde goedere	Omvattende produksie-pryse	Verbruikers-pryse	Onderliggende inflasie
1996: 1e kw.....	6,0	4,8	5,1	9,1	6,4
2e kw.....	7,3	6,8	6,9	7,6	8,5
3e kw.....	2,9	11,4	9,3	8,9	9,0
4e kw.....	18,1	11,4	12,7	11,6	12,6
1997: 1e kw.....	12,4	7,2	8,4	9,5	7,4


kwartaal tot kwartaal in die pryse van binnelands geproduseerde goedere het van 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van 13,6 persent in die eerste kwartaal van 1995 tot 4,8 persent in die eerste kwartaal van 1996 verlangsaam, net om weer tot 11,4 persent in die vierde kwartaal te versnel. Hoërs voedselpryse in die landbou en stygende arbeidseenheidskoste het tot die versnelling in die pryse van binnelands geproduseerde goedere bygedra. Die toename van kwartaal tot kwartaal in die pryse van binnelands geproduseerde goedere het in die eerste kwartaal van 1997 weer tot 7,2 persent verlangsaam. Die koers van toename oor twaalf maande in die pryse van binnelands geproduseerde goedere het onlangs van 5,9 persent in April 1996 tot 9,2 persent in Februarie 1997 en 9,5 persent in Maart versnel.

Die koers van toename van jaar tot jaar in die pryse van ingevoerde goedere het hoofsaaklik as gevolg van die betreklike prysstabilitet in Suid-Afrika se belangrikste handelsvennootlande en die sterkte van die rand in die laaste helfte van 1995, van 7,6 persent in 1995 tot 5,3 persent in 1996 gedaal.¹ Teen seisoensaangesuiwerde jaarkoerse en van kwartaal tot kwartaal het die pryse van ingevoerde goedere toegeneem teen koerse wat oor die algemeen versnel het, van 6,0 persent in die eerste kwartaal van 1996 tot 18,1 persent in die vierde


kwartaal. Die versnelling in die pryse van ingevoerde goedere is ietwat onverwag onderbreek deur 'n klein styging van kwartaal tot kwartaal van slegs 2,9 persent in die derde kwartaal van 1996. Dit was eerstens die gevolg van 'n daling in die pryse van ingevoerde mynbou- en steengroefprodukte wat ru-olie insluit, en tweedens vanweë die feit dat die pryse van goedere wat ongeveer een derde van die gewig van die ingevoerde komponent van die produksieprysindeks uitmaak gedurende die derde kwartaal van 1996 geen verandering getoon het nie. Die opname van die pryse van hierdie kategorie van goedere is vir 'n aantal maande gedurende 1996 nie gedoen nie. In die eerste kwartaal van 1997 het die toename van kwartaal tot kwartaal in die pryse van ingevoerde goedere weer tot 12,4 persent verlangsaam, hoofsaaklik as gevolg van die verstewiging van die eksterne waarde van die rand. Die koers van toename in die pryse van ingevoerde goedere, gemeet oor tydperke van twaalf maande, het van 3,2 persent in April 1996 tot 10,3 persent in Februarie 1997 en 10,1 persent in Maart versnel.

Die toename van kwartaal tot kwartaal teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers in die omvattende verbruikersprysindeks het van 14,3 persent in die derde kwartaal van 1994 tot 'n laagtepunt van 2,2 persent in die derde kwartaal van 1995 gedaal. Hierdie koers van toename in prys het vervolgens per saldo tot 11,6 persent in die vierde kwartaal van 1996 versnel, voordat dit in die eerste kwartaal van 1997 tot 9,5 persent teruggesak het. Die toename in die omvattende

Produksieprysindeks



Verbruikersprysindeks



verbruikersprysindeks, gemeet oor tydperke van twaalf maande, het van 5,5 persent in April 1996 (die laagstevlak sedert Junie 1972) tot 9,8 persent in Februarie 1997, 9,6 persent in Maart en 9,9 persent in April versnel.

Onderliggende *inflasie* (dit wil sê die verandering in die omvattende verbruikersprysindeks, met die uitsluiting van die pryse van voedsel en nie-alkoholiese drank, huiseienaarskoste en die belasting op toegevoegde waarde) gemeet van kwartaal tot kwartaal, het van 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van 4,1 persent in die derde kwartaal van 1995 tot 12,6 persent in die vierde kwartaal van 1996 versnel, maar toe merkbaar tot 7,4 persent in die eerste kwartaal van 1997 verlangsaam. Die onderliggende inflasiekoers gemeet oor tydperke van twaalf maande het nietemin van 'n lae 6,3 persent in Mei 1996 tot 9,7 persent in Februarie 1997 versnel, voordat dit ietwat tot 9,2 persent in Maart en 9,4 persent in April verlangsaam het.


Buitelandse handel en betalings

Lopende rekening


Die tekort op die lopende rekening van die betalingsbalans het van R0,1 miljard in die vierde kwartaal van 1996 tot R1,9 miljard in die eerste kwartaal van 1997 vergroot, hoofsaaklik omdat die uitvoerhoeveelhede van betreklik prydonsensitiewe goedere gedaal het. Gerekken teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers, het die tekort van R4,7 miljard in die vierde kwartaal van 1996 tot R7,9 miljard in die eerste kwartaal van 1997 toegeneem. Voor die vierde kwartaal van 1996 het die tekort (seisoensaangesuiwerd en teen 'n jaarkoers) van R12,9 miljard in die tweede kwartaal van daardie jaar vernou. In verhouding tot die bruto binnelandse produk, het die tekort op die lopende rekening in die eerste kwartaal van 1997 op 1,4 persent te staan gekom. Dit vergelyk met 'n gemiddelde verhouding van 'n tekort van 1,6 persent in 1996.

Die waarde van goedere-uitvoer (seisoensaangesuiwerd en teen 'n jaarkoers) wat in die tweede helfte van 1996 sterk toegeneem het, het met ongeveer 5 persent van R111,0 miljard in die vierde kwartaal van 1996 tot R105,6 miljard in die eerste kwartaal van 1997 gedaal. Hierdie daling was hoofsaaklik die gevolg van 'n

Lopende rekening



Fisiese omvang van goedere-uitvoer



afname van 5½ persent in die hoeveelheid goedere wat in die eerste kwartaal van 1997 uitgevoer is. Ondanks hierdie daling, was die fisiese omvang van goedere-uitvoer in die eerste kwartaal van 1997 steeds 7½ persent hoër as die gemiddelde kwartaallikse vlak in die eerste helfte van 1996.

'n Ontleding van die veranderings in die waarde van uitvoer volgens soort produk toon dat skerp dalings in die kategorieë plantaardige produkte, veral eetbare vrugte en neute, en edel- en halfedelstene aangeteken is. Die waarde van uitvoer in die kategorieë voertuie en vervoertoerusting en papierprodukte het ook noemenswaardig gedaal, terwyl toenames in die kategorieë masjinerie en elektriese toerusting en tekstielprodukte

voorgekom het sodat die totale waarde van die uitvoer van vervaardigde goedere slegs effens gedaal het.

Nadat internasionale grondstofpryse regdeur 1995 en 1996 gedaal het, het dit in die eerste kwartaal van 1997 gestyg. Die potensieel voordeelige uitwerking van hierdie styging in grondstofpryse op uitvoerverdienstes is deels deur die appresiasie van die rand gedurende die vroeë maande van 1997 teengewerk.

Die waarde van die *netto gouduitvoer* het marginaal van 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van R26,2 miljard in die vierde kwartaal van 1996 tot R26,8 miljard in die eerste kwartaal van 1997 gestyg. Die *fisiese omvang van die gouduitvoer* het in die eerste kwartaal van 1997 sterk gestyg omdat verkope uit voorrade wat tevore by myne opgebou is, by verkope van die hêersende produksie gevoeg is. Hierteenoor het die gemiddelde vasstellingsprys van goud op die internasionale mark van VSA\$376,00 per fyn ons in die vierde kwartaal van 1996 tot \$351,21 per fyn ons in die eerste kwartaal van 1997 gedaal. Dalende inflasie en die gevvolglike laer inflasieverwagtings in die nywerheidslande, stygende rentekoerse in die Verenigde State en gerugte van toekomstige goudverkope deur sentrale banke het onder die faktore getel wat nadelig op goudprysbewegings ingewerk het. Die waarde van goudverkope is ook deur die betreklike sterkte van die rand teenoor die dollar beïnvloed, wat meegebring het dat die waarde in rand van die goudprys van R1 743,85 per fyn ons in die vierde kwartaal van 1996 tot R1 584,57 in die eerste kwartaal van 1997 gedaal het. In April 1997 het die gemiddelde prys van goud per fyn ons nog verder tot \$344,59, of R1 532,18, gedaal.

Normaalweg groei die waarde van *goedere-invoer* stadiger of word dit negatief wanneer die groei in die reële bruto binnelandse besteding verlangsaam. In hierdie geval het die waarde van goedere-Invoer (seisoensaangesuiwerd en teen 'n jaarkoers) van R124,8 miljard in die vierde kwartaal van 1996 tot R122,9 miljard in die eerste kwartaal van 1997 gedaal. Invoerhoeveelhede, wat vanaf die derde kwartaal van 1996 tot die vierde kwartaal met ongeveer 2 persent gedaal het, het

Tabel 6. Saldo op die lopende rekening van die betalingsbalans

Seisoensaangesuiwerde jaarkoerse

R miljarde

	1996				1997
	1e kw	2e kw	3e kw	4e kw	1e kw
Goedere-uitvoer.....	88,5	93,1	102,6	111,0	105,6
Netto gouduitvoer.....	24,9	25,3	28,7	26,2	26,8
Goedere-invoer.....	-104,1	-114,1	-122,2	-124,8	-122,9
Netto dienste- en oordragbetalings.....	-17,1	-17,2	-17,7	-17,1	-17,4
Saldo op lopende rekening.....	-7,8	-12,9	-8,6	-4,7	-7,9

in die eerste kwartaal van 1997 met 'n verdere $\frac{1}{2}$ persent afgeneem. Die afwaartse beweging in die waarde van goedere-invoer gedurende die eerste kwartaal van 1997 het effens verswak weens 'n daling van 1 persent in die plaaslike geldeenheidswaarde van die pryse van ingevoerde goedere, hoofsaaklik as gevolg van die onlangse versterking van die rand en lae prysinflasie in handelsvennootlande.

Die daling in die waarde van die invoer van goedere het veral in die kategorieë landbouprodukte en vervaardigde goedere voorgekom. Hierdie dalings is deels teengewerk deur hoër invoerwaardes van edel- en halfedelstene en mineraalprodukte, insluitende ruolie.

Netto dienste- en oordragbetalings aan nie-inwoners, wat van 'n hoogtepunt van R17,7 miljard in die derde kwartaal van 1996 tot R17,1 miljard in die vierde kwartaal gedaal het, het in die eerste kwartaal van 1997 weer tot R17,4 miljard toegeneem. Hoewel ontvangste vir dienste op grond van hoër toeristebesteding deur buitelandse besoekers aan Suid-Afrika en hoër beleggingsinkomste vanaf die res van die wêreld toegeneem het, het die betalings vir dienste deur Suid-Afrikaners wat na ander dele van die wêreld gereis het, asook dividend- en rentebetalings aan buitelandse beleggers, selfs meer gestyg.

Kapitaalrekening

Soos wat verwag kan word in omstandighede waar die geldeenheid verstewig, het die groot netto kapitaalinvloeiing (nie verwant aan reserwes nie) wat in die vierde kwartaal van 1996 'n aanvang geneem het, in die eerste kwartaal van 1997 voortgeduur. Die totale netto invloeiing van kapitaal wat nie aan reserwes verwant is nie het trouens van R3,3 miljard in die vierde kwartaal van 1996 tot R3,6 miljard in die eerste kwartaal van 1997 toegeneem. Vergelykenderwys het die totale netto invloeiing van sodanige kapitaal in die kalenderjaar 1996 in die geheel ongeveer R3,9 miljard beloop. Anders as in

die vierde kwartaal van 1996, toe kapitaalbewegings deur 'n invloeiing van korttermynkapitaal oorheers is, was die invloeiinge in die eerste kwartaal van 1997 oorwegend van 'n langtermynnaard.

Langtermynkapitaalbewegings het van 'n uitvloeiing van R1,2 miljard in die vierde kwartaal van 1996 tot 'n netto invloeiing van R4,8 miljard in die eerste kwartaal van 1997 verander. Die invloeiing van langtermynkapitaal in die eerste kwartaal van 1997 was hoofsaaklik bestem vir instellings in die nie-bank private sektor en die openbare sektor, met inbegrip van openbare korporasies. In teenstelling met hierdie bewegings, het die bestendige uitvloeiing van langtermynkapitaal vanaf die banksektor, wat in elke kwartaal van 1996 waargeneem is, in die eerste kwartaal van 1997 voortgeduur.

Verreweg die grootste deel van die invloeiing van langtermynkapitaal gedurende die eerste kwartaal van 1997 het bestaan uit nie-inwoners se netto aankope van effekte op die plaaslike effektemark en van aandele wat op die Johannesburgse Aandelebeurs genoteer is. In die eerste kwartaal van 1997 het die netto betaling vir aankope van effekte deur nie-inwoners R3,9 miljard beloop. Netto aankope tot die bedrag van R2,2 miljard was aan die einde van die kwartaal nie vereffen nie en het gevoldlik die belofte getoon van verdere invloeiings van langtermynkapitaal later in die jaar. Gedurende die eerste kwartaal het buitelandse beleggers aandele ten bedrae van R3,5 miljard op die Johannesburgse Aandelebeurs bekom. Die positiewe uitwerking op die vlak van goud- en ander buitelandse reserwes van hierdie instroming van langtermynkapitaal deur die effekte- en aandelemark is deels deur 'n uitvloeiing van langtermynkapitaal ten bedrae van R3,4 miljard teengewerk. Hierdie uitvloeiing het gespruit uit die nakoming van skuldverpligtinge in die eerste kwartaal van 1997, asook uit groot uitvloeiinge van fondse wat met bateeruittransaksies verband gehou het.

Dit word algemeen aanvaar dat portefeuilbeleggingsvloeiinge baie onbestendig kan wees, en dat dit

Tabel 7. Netto kapitaalbewegings nie verwant aan reserwes nie
R miljarde

	1996				1997
	1e kw	2e kw	3e kw	4e kw	1e kw
Langtermynkapitaal					
Openbare owerhede	1,3	0,1	-0,2	2,1	1,1
Openbare korporasies	0,9	1,0	-0,8	2,5	1,4
Monetêre sektor	-0,2	-0,4	-0,2	-0,4	-0,3
Private sektor	2,3	1,2	1,1	-5,4	2,6
Totaal	4,3	1,9	-0,1	-1,2	4,8
Korttermynkapitaal	-4,4	-0,4	-0,7	4,5	-1,2
Totale kapitaal	-0,1	1,5	-0,8	3,3	3,6

selfs 'n destabiliserende uitwerking op die algemene makro-ekonomiese ewewig kan hê. Die groot portefeuillebeleggings sedert die begin van 1997 sou derhalwe 'n groter mate van onbestendigheid aan die Suid-Afrikaanse markte vir sekuriteite en in die vloei van kapitaal in en uit die ekonomie kon veroorsaak. Dit hoef onder heersende omstandighede egter nie noodwendig die geval te wees nie; in soverre hierdie beleggings gemaak is ter verskansing van sommige Eurorand-effekte wat in die eerste kwartaal van 1997 uitgereik is, het hulle 'n belegging oor 'n betreklik langer termyn in die ekonomie verteenwoordig. Sommige van die uitgifte van Eurorand-effekte wat R7,1 miljard in die eerste kwartaal van 1997 beloop het, is inderdaad in die Suid-Afrikaanse mark verskans deur die aankoop van effekte met 'n looptyd van tussen een en vyf jaar. Nog 'n belangrike gevolg van die uitgifte van Eurorand-effekte is dat dit aanleiding gegee het tot verhoogde termynaankope van rand, of termynverkope van dollars, wat bygedra het tot 'n beter balans tussen die aankope en verkope in die plaaslike termynmark vir buitelandse valuta.


Korttermynkapitaalbewegings (nie verwant aan reserwes nie, maar met inbegrip van onaangetekende

transaksies), het omgeswaai van 'n invloeiing van R4,5 miljard in die vierde kwartaal van 1996 tot 'n uitvloeiing van R1,2 miljard in die eerste kwartaal van 1997. Die onmiddellike oorsaak van hierdie oomkeer van korttermynkapitaalvloeiinge was die terugbetaling in die eerste kwartaal van 1997 van 'n deel van die uitstaande buitelandse *leningsverpligtinge* van die private banksektor. Nie-inwoners se *korttermyndeposito's* by die binnelandse private banksektor het in die eerste kwartaal van 1997 sterk toegeneem, maar hierdie uitvloeiing is geheel en al deur 'n uitwaartse beweging van korttermynkapitaal vanaf die nie-bank private sektor geneutraliseer. Heelwat maatskappye in die private sektor het van die hoër buitelandse waarde van die rand gebruik gemaak en 'n deel van hul ongedekte buitelandse korttermynverpligtinge terugbetaal.


Buitelandse reserwes

Die netto invloeiing van buitelandse kapitaal het die absolute waarde van die tekort op die lopende rekening van die betalingsbalans (nie seisoensaangesuiwer nie) in die eerste kwartaal van 1997 oorskry, met die gevolg dat die land se *netto goud- en ander buitelandse reserwes* in dié kwartaal met R1,7 miljard gestyg het. Dit was die tweede agtereenvolgende kwartaal waarin die netto goud- en ander buitelandse reserwes 'n verbetering getoon het – gedurende die eerste drie kwartale van 1996 het die netto buitelandse reserwes met R7,8 miljard gedaal. Tussen die einde van September 1996 en die

Langtermynkapitaalbewegings



Verandering in totale netto goud- en ander buitelandse reserwes



einde van Maart 1997 het die netto buitelandse reserwes met R4,9 miljard toegeneem.

Die bruto goud- en ander buitelandse reserwes het van R16,8 miljard aan die einde van 1996 tot R19,5 miljard aan die einde van Maart 1997 gestyg, ondanks 'n daling van R0,2 miljard in bruto buitelandse reserwes van die private banksektor. Hierdie vlak van bruto reserwes was gelykstaande aan ongeveer ses weke se invoer van goedere en dienste. Die bruto goud- en ander buitelandse reserwes van die Reserwebank het in April 1997 met R1,3 miljard toegeneem en in Mei met 'n verdere aansienlike bedrag van R7,4 miljard om 'n vlak van R21,8 miljard te bereik. As 'n persentasie van die totale waarde van die Reserwebank se buitelandse reserwes het die waarde van goudbesit van 57 persent aan die einde van Desember 1996 tot 24 persent aan die einde van Mei 1997 gedaal.


Wisselkoerse van die rand

Herhaalde spekulatiewe aanslae op die rand gedurende die eerste tien maande van 1996 het meegebring dat die *nominale handelsgeweegde wisselkoers* van die rand vanaf die einde van Desember 1995 tot die einde van Oktober 1996 met 22,7 persent gedaal het. Gedurende die laaste twee maande van 1996 is bestendigheid in die valutamark herstel, soos blyk uit 'n effense appresiasie in die rand van ongeveer 1 persent vanaf die einde van Oktober 1996 tot die einde van Desember.

Namate vertroue herstel het, het die nominale effektiewe wisselkoers gedurende die eerste kwartaal van 1997 verder met 8,9 persent versterk; dit het die waarde van die rand teenoor 'n mandjie van geldeenhede van Suid-Afrika se vernaamste handelsvennote gevoer tot 'n vlak wat 10,0 persent hoër was as die waarde wat aan die einde van Oktober 1996 van krag was. In April 1997 het die geweegde waarde van die rand teenoor 'n mandjie van geldeenhede min of meer konstant gebly.

Die onlangse verstewiging van die rand het saamgeval met 'n betekenisvolle appresiasie van die VSA-dollar teenoor al die ander vernaamste geldeenhede. Die

Effektiewe wisselkoerse van die rand



rand het gevolglik ook teenoor hierdie geldeenhede verstewig. Vanaf die einde van Oktober 1996 tot die einde van April 1997 het die rand byvoorbeeld met 22,0 persent teenoor die Nederlandse gulden, 21,7 persent teenoor die Duitse mark, 20,5 persent teenoor die Italiaanse lira en 19,1 persent teenoor die Japanse yen verstewig.

Die sterk vertoning van die rand sedert die einde van Oktober kan toegeskryf word aan die uitwerking van 'n reeks faktore wat die mark in buitelandse valuta gelyktydig beïnvloed het. Onder hierdie faktore tel:

- die grootskaalse netto aankope van sekuriteite deur nie-inwoners wat tot die stygende waarde van die rand

Tabel 8. Veranderings in die wisselkoerse van die rand

Persent

	31 Des 1995 tot 31 Des 1996	31 Des 1996 tot 27 Mrt 1997	27 Mrt 1997 tot 30 Apr 1997	31 Okt 1996 tot 30 Apr 1997
Geweegde gemiddelde	-21,9	8,9	0,0	10,0
VSA-dollar	-22,1	6,0	-0,6	6,6
Britse pond	-28,9	10,3	-0,7	6,4
Duitse mark	-15,7	14,6	2,0	21,7
Japanse yen	-12,1	12,8	1,8	19,1
Nederlandse gulden	-15,4	14,9	2,0	22,0
Italiaanse lira	-24,9	16,5	1,4	20,5

bygedra het, maar terselfdertyd ook daardeur beïnvloed is;


- die volgehoue betreklik hoë vlak van binnelandse rentekoerse;
- verwagtings van 'n aansienlik kleiner tekort op die lopende rekening gedurende die kalenderjaar 1997;
- stygings in die vlak van die amptelike bruto buitelandse reserwes en verwagtings van 'n volgehoue styging, ten minste gedurende die oorblywende deel van 1997;
- 'n positiewe markinstelling na die aankondiging van 'n verdere verslapping van die buitelandse valutabeheermaatreëls; en
- algemene tevredenheid met die rigting van makro-ekonomiese beleidsmaatreëls wat die Minister van Finansies aangedui het toe hy die regering se begrotingsvoorstelle vir die fiskale jaar 1997/98 aan die Parlement voorgelê het.

Die skerp toename in die nominale effektiewe wisselkoers van die rand in die eerste kwartaal van 1997, tesame met die groter inflasieverskil tussen Suid-Afrika en sy vernaamste handelsvennote, het 'n toename van ongeveer 9½ persent in die *reële effektiewe wisselkoers* van die rand oor die tydperk Desember 1996 tot Maart 1997 tot gevolg gehad. Die *reële effektiewe wisselkoers* het nogtans per saldo tussen Desember 1995 en Maart 1997 met 8,3 persent gedaal. Indien die betreklik lae waarde van die effektiewe wisselkoers van die rand in Mei 1995 as 'n hoogtemerk gebruik

word, sou die *reële depresiasie* van die rand vanaf Mei 1995 tot Maart 1997 slegs 3,0 persent wees.

Die grootskaalse belangstelling wat nie-inwoners in die eerste kwartaal van 1997 in Suid-Afrikaanse sekuriteite getoon het, het onder andere tot 'n toename in die omset in die Suid-Afrikaanse valutamark bygedra. Die gemiddelde netto daagliks omset, oftewel bruto omset aangepas vir dubbeltelling wat voortspruit uit binnelandse interbanktransaksies, het van VSA\$6,0 miljard in die vierde kwartaal van 1996 tot \$6,7 miljard in die eerste kwartaal van 1997 gestyg. Onverwagse veranderings in die wisselkoers van die rand teenoor die VSA-dollar gedurende Februarie 1997 het waarskynlik in daardie maand bygedra tot die styging in die gemiddelde daagliks netto omset tot \$7,4 miljard. Die appresiasie van die rand gedurende die eerste kwartaal van 1997 het ook tot 'n verlangsaming in die uitbreiding van bedrywigheid en 'n verbetering in die balans tussen verkope en aankope in die termynmark vir buitelandse valuta aanleiding gegee. Dit het ook geleei tot aansienlike oorskotte wat die Reserwebank op grond van die Bank se transaksies in die termynmark in buitelandse valuta behaal het.

Netto gemiddelde daagliks omset in die Suid-Afrikaanse valutamark



Monetêre ontwikkelings, rentekoerse en finansiële markte


Geldvoorraad

Die verlangsaaming in die algehele monetêre uitbreiding in die vierde kwartaal van 1996 was klaarblyklik van 'n tydelike aard, aangesien die groei in die monetêre totale wat dopgehou word in die eerste kwartaal van 1997 weer versnel het. Die groei van kwartaal tot kwartaal teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers in die *omvattend gedefinieerde geldvoorraad* (M3) het in die eerste kwartaal van 1997 tot 18,1 persent versnel nadat dit van 21,2 persent in die tweede kwartaal van 1996 tot 7,6 persent in die vierde kwartaal verlangsaam het. Die groei oor twaalf maande in M3 het insgelyks van 'n boonste draaipunt van 16,1 persent in Februarie 1996 tot 13,6 persent in Desember verlangsaam, maar het daarna tot 16,8 persent in Januarie 1997, 15,9 persent in Februarie en 16,5 persent in Maart toegeneem. Hierdie groeikoerse is deur 'n toename van 15,7 persent in April gevolg.

Soos die geval gedurende 1996 was, kan die skerp groei in die M3-geldvoorraad aan die sterk voorkeur vir onmiddellik opeisbare en ander kort- en mediumtermyndeposito's van individue en ander organisasies in die private sektor toegeskryf word. Die deposito's van versekerkeraars en pensioenfondse by banke het byvoorbeeld in die eerste kwartaal van 1997 met R5,2 miljard toegeneem. Die toename in die deposito-besit van hierdie instellings het in die eerste kwartaal van 1997 bykans 30 persent van die toename in totale M3 bedra. Boonop het die private sektor buite die bankwese se beleggings in hoogs likiede verhandelbare depositosertifikate ook gedurende die eerste drie maande van 1997 skerp toegeneem.

As 'n weerspieëling van 'n sterk beleggersvoordeur vir likiditeit, het die enger *monetêre totale* vinniger as die breë monetêre totaal, M3, gestyg. Die groei oor twaalf maande in M1A het gedurende die tweede helfte van 1996 van 'n laagtepunt van 13,6 persent in Julie tot 21,9 persent in Desember en verder tot 25,7 persent in Maart 1997 versnel. Dit is deur groei oor twaalf maande van 23,6 persent in April 1997 gevolg. Die groei van jaar tot jaar in M1 het gedurende die tweede helfte van 1996 om 'n baie hoë gemiddelde vlak van 32,2 persent gewissel en geleidelik van 'n hoogtepunt van 37,2 persent in Oktober 1996 tot 22,2 persent in April 1997 afgeneem. Die groei van jaar tot jaar in M2 is in die tweede helfte van 1996 teen betreklik hoë groeikoerse van tussen 15 persent en 20 persent gehandhaaf. In die eerste kwartaal van 1997 het hierdie betreklik hoë groeikoerse teen 19,1 persent in Januarie, 17,5 persent in Februarie en 17,8 persent in Maart voortgeduur. In April 1997 het hierdie groeikoers tot 16,1 persent teruggesak.

Monetêre totale



Die belangrikste balansstaatteenhangers van die toename van R17,4 miljard in die M3-geldvoorraad gedurende die eerste kwartaal van 1997 was toenames in die banke se eise teen die private nie-banksektor en

Tabel 9. Groei oor twaalf maande in monetêre totale

Percent

Tydperk	M1A	M1	M2	M3	
1996:	Apr.....	13,9	26,9	15,8	14,4
	Mei.....	19,0	24,1	14,3	13,6
	Jun.....	14,7	28,7	17,9	15,7
	Jul.....	13,6	28,7	18,1	14,7
	Aug.....	20,1	31,6	19,6	15,4
	Sep.....	18,7	30,7	18,4	14,5
	Okt.....	21,6	37,2	19,5	16,0
	Nov.....	22,4	34,0	18,2	15,2
	Des.....	21,9	30,9	15,8	13,6
	1997:	Jan.....	25,1	32,2	19,1
	Feb.....	24,1	29,2	17,5	15,9
	Mrt.....	25,7	30,1	17,8	16,5
	Apr.....	23,6	22,2	16,1	15,7


die regeringsektor. Banke se eise teen die nie-bank private sektor het in die eerste kwartaal van 1997 met R16,1 miljard toegeneem, terwyl 'n toename van R5,2 miljard in die banke se bruto eise teen die owerheidsektor in die tydperk slegs deels deur 'n verhoging van R0,6 miljard in regeringsdeposito's by banke geneutraliseer is. Dit het neergekom op 'n netto bedrag van R4,6 miljard van nuwe bankkrediet aan die regeringsektor. Die oorblywende balansstaatteenhangers van die toename in die M3-geldvoorraad het gedurende die eerste kwartaal van 1997 afnames getoon – netto buitelandse bates het met R2,2 miljard en "netto ander bates" met R1,1 miljard afgeneem.

Geldvoorraadriglyne

Die President van die Reserwebank het op 14 Maart 1997 aangekondig dat die Bank besluit het om die riglyne vir aanvaarbare groei in die kwartaallikse gemiddelde waarde van die M3-geldvoorraad vanaf die vierde kwartaal van 1996 tot die vierde kwartaal van 1997 tussen 6 en 10 te stel. Die perk wat vir die 1995 en 1996-riglynjare gestel is, is dus onveranderd gelaat.

In sy aankondiging het die President herhaal dat die missie van die Reserwebank die beskerming van die waarde van die rand is. Finansiële bestendigheid en die betrouwbaarheid van inflasie sou derhalwe die oorheersende doelwit van monetêre beleid gedurende 1997 bly. Die President het sy besorgdheid oor die versnelling in verbruikersprysinflasie sedert die tweede kwartaal van 1996 uitgespreek. Die verhoging in die onderliggende inflasiekous was veral 'n bron van kommer aangesien dit daarop gedui het dat meer fundamentele inflasionele kragte aan die werk was. Die feit dat inflasionele druk weer te voorskyn gekom het was klaarblyklik nie die gevolg van 'n oorverhitte ekonomie nie. Die volgehoud hoë toenames in nominale arbeidseenheidskoste vanaf

Riglyne vir groei in M3



die tweede kwartaal van 1995 tot die derde kwartaal van 1996 en die depresiasi van die rand gedurende 1996 is uitgesonder as die belangrikste faktore wat tot die verhoging in inflasie bygedra het.

Onder hierdie omstandighede het dit nodig geword om die sterk groei in die geldvoorraad en bankkredietverlening aan die private sektor in te kort om te verhinder dat dit die groeiende en bestaande inflasionele druk aanwakker. Indien 'n nuwe kringloop van voortdurende toenames in die koers van inflasie sou ontwikkel, kan dit die bereiking van die doelstellings van die regering ten opsigte van heropbou en ontwikkeling in gevaar stel, asook die implementering van die strategie vir Groei, Werkverskaffing en Herverdeling vertraag.

Daar is op die geldvoorraadriglyne van 6 tot 10 persent besluit met die oogmerk om moontlike groei van tussen 2 en 3 persent in die reële bruto binneilandse produk gedurende die 1997-riglynjaar te finansier, en terselfdertyd as teken te dien van die Reserwebank se vasberadenheid om die koers van inflasie te verminder tot vlakke wat meer versoenbaar is met die gemiddelde inflasiekous van Suid-Afrika se belangrikste handelsvennote en mededingers. Die uitdaging vir 1997 sou wees om die inflasiekous onder 'n vlak van 10 persent te hou.

Die aankondiging van jaarlikse riglyne vir 'n aanvaarbare toename in die geldvoorraad het ten doel om die uitvoering van monetêre beleid meer deursigtig te maak. Werklike groei in die geldvoorraad wat van

hierdie riglyne afwyk behoort tot pro-aktiewe beleidsreaksies deur die Reserwebank te lei. Hoewel die riglyne 'n duidelike aanduiding aan banke en die algemene publiek is van die belangrikste onderliggende kragte wat waarskynlik bepalend sal wees vir monetêre beleidstappe, word die riglyne altyd omsigtig enoordeelkundig toegepas. Die Reserwebank is nie voornemens om die riglyne as 'n onbuigsame monetêre reël te vertolk nie.

Die vinnige groei oor twaalf maande in die geldvoorraad gedurende die eerste kwartaal van 1997 het die waarde van die seisoensaangesuiwerde breeë geldvoorraad, M3, tot 'n hoër vlak gebring as wat deur die boonste perk van die riglyngebied van 6 tot 10 persent aangedui word. Aan die einde van Maart 1997 het die seisoensaangesuiwerde waarde van M3 die boonste perk van die riglyn-“kegel” met R9,4 miljard, of met 2,9 persent, oorskry.

Kredietverlening

Die groei in *totale kredietverlening* deur banke, wat oënskynlik in die vierde kwartaal van 1996 verlangsaam het, het in die eerste kwartaal van 1997 met hernieuide stukrag toegeneem het. Die toename van jaar tot jaar in totale binnelandse kredietverlening het aanvanklik van 19,1 persent in Oktober 1996 tot 17,1 persent in Desember verlangsaam, maar toe tot 21,6 persent in Februarie 1997, 19,3 persent in Maart en 20,0 persent in April versnel. Die sterk groei in totale kredietverlening in


die eerste kwartaal van 1997 was hoofsaaklik te wyte aan die vinnige toename in kredietverlening aan die private sektor.

Die koers van toename oor twaalf maande in kredietverlening deur banke aan die *private sektor* het van 18,9 persent in Oktober 1996 tot 16,1 persent in Desember verlangsaam en toe in die daaropvolgende vier maande binne 'n smal band van tussen 16,0 persent en 17,3 persent gewissel. Hierdie maandelikse groeikoerse het die inflasiekoers soos gemeet deur veranderings in die verbruikersprysindeks deurgaans oorskry. Met inflasie wat egter sedert April 1996 merkbaar versnel het, het die inflasie-aangepaste groei in kredietverlening aan die private sektor van 11,6 persent in Maart 1996 tot 6,8 persent in April 1997 afgeneem.

Die groeikoers van kwartaal tot kwartaal in kredietverlening aan die private sektor (seisoensaangesuiwerd en teen 'n jaarkoers) het van 22,4 persent in die tweede kwartaal van 1996 tot 11,8 persent in die vierde kwartaal verlangsaam, maar toe tot 17,0 persent in die eerste kwartaal van 1997 versnel. Die belangrikste bydraende faktor tot die volgehoue hoë koerse van toename in kredietverlening aan die private sektor was waarskynlik die behoefte om transaksies te finansier in 'n ekonomie waar die nominale waarde van binnelandse besteding en bedrywigheid in finansiële markte besig was om vinnig uit te brei. Sekere strukturele veranderings, soos die toetreden van 'n toenemende aantal potensiële leners in die moderne sektor van die Suid-Afrikaanse ekonomie en verdere integrasie van Suid-Afrika in die internasionale finansiële markte het ook veroorsaak dat die groei in die vraag na krediet hoër was as wat dit andersins sou wees. 'n Mate van omskakeling van handelsfinansiering na binnelandse pleks van buitelandse kredietbronne kon ook tot die stewiger groei in kredietverlening bygedra het.

'n Ontleding van die banke se eise teen die private sektor volgens *soort krediet* toon dat die hoë koerse van toename in kredietverlening aan die private sektor in die eerste kwartaal van 1997 hoofsaaklik deur vinniger groei in "ander lenings en voorskotte" en afbetelingsverkoopkrediet veroorsaak is. In albei hierdie kredietkategorieë het die koers van jaar tot jaar in sowel Januarie as Februarie 1997 die perk van 20 persent oorskry. 'n Mate van verlangsaming het oënskynlik in die koers van toename oor een jaar in "ander lenings en voorskotte" en afbetelingsverkoopkrediet in Maart 1997 plaasgevind. Die groei in die jaar tot en met die eerste kwartaal van 1997 in bruikhuurfinansiering, afbetelingsverkoopkrediet sowel as verbandvoorskotte het afgeneem tot koerse wat laer is as wat in 1996 gemeet is. Boonop het nuwe uitbetelings op afbetelingskrediet en bruikhuurfinansiering in die eerste kwartaal van 1997 vergeleke met die laaste kwartaal van 1996 afgeneem, en stadiger groei in verbruiksbesteding aan duursame goedere en kapitaalvorming weerspieël.

Kredietverlening deur monetêre instellings



Tabel 10. Kredietverlening aan die private sektor volgens vernaamste soort krediet

Persentasieverandering oor twaalf maande

Tydperk	Beleggings en wissels verdiskonter	Afbetalings- verkope	Bruikhuur- finansiering	Verband- voorskotte	Ander lenings en voorskotte	Totaal
1996:	Mrt	18,4	28,8	17,5	16,7	18,0
	Jun	12,2	26,8	16,8	16,5	20,3
	Sep	5,2	24,1	19,8	17,1	19,2
	Des	-7,5	21,2	16,8	16,5	16,1
1997:	Jan	-2,4	21,1	16,6	16,4	20,4
	Feb	0,4	20,2	15,1	16,3	21,2
	Mrt	-6,1	18,1	14,3	15,8	19,9
	Apr	1,3	19,5	12,9	15,5	22,5
						17,3

Die toename in krediet aan die private sektor in die eerste kwartaal van 1997 is oorwegend deur huishoudings benut. Van die totale toename van R16,1 miljard in krediet aan die private sektor in die eerste kwartaal van 1997, het huishoudings R11,8 miljard, of 73,3 persent, en maatskappye slegs R4,3 miljard, of 26,7 persent benut. Persentasiegewys het die groei oor twaalf maande in kredietverlening aan sowel maatskappye as huishoudings 16,0 persent in die eerste kwartaal van 1997 bedra.

Rente- en opbrengskoerse

Die verloop van opbrengskoerse op effekte in die eerste vyf maande van 1997 is sterk beïnvloed deur die verstewiging van die rand tot en met Maart 1997 en deur die daaropvolgende bestendigheid van die wisselkoers in April. Dit het aanleiding gegee tot 'n opbloei in netto aankope van effekte deur nie-inwoners wat versterk is deur die verskansing van posisies, wat voortspruit uit effekte-uitgifte in Eurorand, deur middel van aankope in die Suid-Afrikaanse effektemark. Die

Tabel 11. Rente- en opbrengskoerse

Persent

Tydperk	Maandelikse gemiddelde opbrengskoers op langtermynstaatseffekte		Bankaksepte van 3-maande*	Prima oortrekkings- koers*	Oorheersende koers op verband- lenings	Oorheersende koers op vaste deposito's van 12 maande
	Nominaal	Reëel				
1996:	Apr	15,78	9,7	15,20	19,50	18,25
	Mei	16,53	10,1	16,40	20,50	19,25
	Jun	15,78	8,3	15,20	20,50	20,25
	Jul	15,39	7,7	15,55	19,50	19,25
	Aug	15,82	7,7	15,95	19,50	19,25
	Sep	15,42	6,5	15,30	19,50	19,25
	Okt	15,80	6,1	15,80	19,25	19,00
	Nov	16,18	6,4	16,55	20,25	19,00
	Des	16,19	6,3	17,00	20,25	20,00
						14,50
1997	Jan	15,82	5,9	16,15	20,25	20,00
	Feb	15,03	4,8	16,00	20,25	20,00
	Mrt	15,16	5,1	16,05	20,25	20,00
	Apr	15,24	4,9	15,95	20,25	20,00
	Mei	15,08	...	15,85	20,25	20,00
						14,50

* Teen maandeinde

maandelikse gemiddelde opbrengskoers op langtermynstaatseffekte het gevvolglik van 16,19 persent in Desember 1996 tot 15,82 persent in Januarie 1997 en 15,03 persent in Februarie afgeneem. Die maandelikse gemiddelde opbrengskoers op langtermynstaatseffekte het daarna in April 1997 tot 15,24 persent verhoog, maar toe in Mei tot 15,08 persent afgeneem.

Opbrengskoersbewegings was in die eerste vier maande van 1997 taamlik wisselvallig. Die mark se reaksie op veranderende verwagtings van inflasie en onderliggende reële ekonomiese toestande, sowel as verandering in rente- en opbrengskoerse in die Verenigde State se effektemark, het bewegings in die *daagliks gemiddelde opbrengskoers op langtermynstaatseffekte* tussen uiterstes van 16,40 persent aan die begin van Januarie en 14,65 persent op 26 Februarie tot gevolg gehad.


Die *maandelikse gemiddelde inflasie-aangepaste opbrengskoers op langtermynstaatseffekte* het voortdurend afgeneem van 10,1 persent in Mei 1996 tot 4,8 persent in Februarie 1997 – die laagste vlak sedert Maart 1994. Die inflasie-aangepaste opbrengskoers op Suid-Afrikaanse langtermynstaatseffekte het effens tot 4,9 persent in April 1997 toegeneem. As voorsiening gemaak word vir verskille in die risikopremies van lande en gelddeenhede, was die inflasie-aangepaste opbrengskoers

in April naastenby in ooreenstemming met die opbrengskoers op langtermynseffekte van die Federale Regering van die Verenigde State, wat volgens dieselfde metode en vir dieselfde maand op 4,2 persent bereken is.


Geldmarkrentekoerse het in die vierde kwartaal van 1996 skerp gestyg en daarna gedurende die eerste vyf maande van 1997 gedaal. Die koers op bankaksepte met 'n looptyd van drie maande het byvoorbeeld van 15,30 persent aan die einde van September 1996 tot 16,55 persent aan die einde van November gestyg, nadat Bankkoers vroeër daardie maand verhoog is. Die koers op bankaksepte van drie maande het daarna opwaarts beweeg tot 17,00 persent aan die einde van Desember 1996, maar in die eerste vyf maande van 1997 weer afwaarts begin beweeg tot 15,85 aan die einde van Mei 1997.

Die *tenderkoers op skatkiswissels van drie maande* wat in die vierde kwartaal van 1996 by tye in 'n teenoorgestelde rigting as die algemene beweging in geldmarkrentekoerse beweeg het, het gedurende die eerste vyf maande van 1997 weer eens begin om saam met ander geldmarkrentekoerse te beweeg. Die gemiddelde gaping op maandeindes tussen die tenderkoers op skatkiswissels van drie maande en die koers op bankaksepte van drie maande wat van 0,28 persentasiepunte in die derde kwartaal van 1996 tot 0,86 in die vierde kwartaal verruum het, het in die eerste kwartaal van 1997 tot 0,26 persentasiepunte vernou. Dit was die gevolg van die meer geredelik beskikbare aanbod van bates wat as eerstevlak-onderpand vir

Inflasie-aangepaste opbrengskoerse op langtermynstaatseffekte



Geldmarkrentekoerse



maandelikse gemiddelde opbrengskoers op langtermynstaatseffekte het gevvolglik van 16,19 persent in Desember 1996 tot 15,82 persent in Januarie 1997 en 15,03 persent in Februarie afgeneem. Die maandelikse gemiddelde opbrengskoers op langtermynstaatseffekte het daarna in April 1997 tot 15,24 persent verhoog, maar toe in Mei tot 15,08 persent afgeneem.

Opbrengskoersbewegings was in die eerste vier maande van 1997 taamlik wisselvallig. Die mark se reaksie op veranderende verwagtings van inflasie en onderliggende reëlle ekonomiese toestande, sowel as verandering in rente- en opbrengskoerse in die Verenigde State se effektemark, het bewegings in die *daagliks gemiddelde opbrengskoers op langtermynstaatseffekte* tussen uiterstes van 16,40 persent aan die begin van Januarie en 14,65 persent op 26 Februarie tot gevolg gehad.


Die maandelikse gemiddelde inflasie-aangepaste opbrengskoers op langtermynstaatseffekte het voortdurend afgeneem van 10,1 persent in Mei 1996 tot 4,8 persent in Februarie 1997 – die laagste vlak sedert Maart 1994. Die inflasie-aangepaste opbrengskoers op Suid-Afrikaanse langtermynstaatseffekte het effens tot 4,9 persent in April 1997 toegeneem. As voorsiening gemaak word vir verskille in die risikopremies van lande en geldeenhede, was die inflasie-aangepaste opbrengskoers

in April naastenby in ooreenstemming met die opbrengskoers op langtermynseffekte van die Federale Regering van die Verenigde State, wat volgens dieselfde metode en vir dieselfde maand op 4,2 persent bereken is.


Geldmarkrentekoerse het in die vierde kwartaal van 1996 skerp gestyg en daarna gedurende die eerste vyf maande van 1997 gedaal. Die koers op bankaksepte met 'n looptyd van drie maande het byvoorbeeld van 15,30 persent aan die einde van September 1996 tot 16,55 persent aan die einde van November gestyg, nadat Bankkoers vroeër daardie maand verhoog is. Die koers op bankaksepte van drie maande het daarna opwaarts beweeg tot 17,00 persent aan die einde van Desember 1996, maar in die eerste vyf maande van 1997 weer afwaarts begin beweeg tot 15,85 aan die einde van Mei 1997.

Die tenderkoers op skatkiswissels van drie maande wat in die vierde kwartaal van 1996 by tye in 'n teenoorgestelde rigting as die algemene beweging in geldmarkrentekoerse beweeg het, het gedurende die eerste vyf maande van 1997 weer eens begin om saam met ander geldmarkrentekoerse te beweeg. Die gemiddelde gaping op maandeindes tussen die tenderkoers op skatkiswissels van drie maande en die koers op bankaksepte van drie maande wat van 0,28 persentasiepunte in die derde kwartaal van 1996 tot 0,86 in die vierde kwartaal verruum het, het in die eerste kwartaal van 1997 tot 0,26 persentasiepunte vernou. Dit was die gevolg van die meer geredelik beskikbare aanbod van bates wat as eerstevlak-onderpand vir

Inflasie-aangepaste opbrengskoerse op langtermynstaatseffekte



Geldmarkrentekoerse



akkommodasie by die diskontovenster kwalificeer. Die skatkiswisselkoers het dienooreenkomsdig van 16,10 persent aan die einde van Desember 1996 tot 15,64 persent aan die einde van Mei 1997 afgeneem.

Die vlak van die *opbrengskoerskromme* het in die loop van 1996 heelwat gewissel, as gevolg van onbestendigheid in opbrengskoerse regoor die aflossingstruktuur, maar het deurlopend 'n omgekeerde vorm behou. Die hele opbrengskoerskromme het vanaf Januarie tot Desember 1996 aansienlik opwaarts beweeg, voordat dit in Januarie 1997 effens aan die kort kant en meer beduidend aan die lang kant gedaal het en gevoldig nog meer omgekeerd geword het. Dit het toe in die volgende drie maande op ongeveer dieselfdevlak gebly, terwyl die helling ietwat verander het as gevolg van betreklik bestendige korttermynopbrengskoerse te midde van 'n mate van onbestendigheid in langertermynopbrengskoerse. Die daling in die opbrengskoerskromme aan die lang kant gedurende die eerste vier maande van 1997 was 'n aanduiding van verwagtinge van laer inflasie op die lange duur, die verdere konsolidasie van fiskale beleid en die positiewe ingesteldheid in die mark vir buitelandse valuta.

Die *prima-oortrekingskoers van banke* het van 19,50 persent aan die einde van die derde kwartaal van 1996 tot 20,25 persent aan die einde van die vierde kwartaal gestyg. Dit was hoofsaaklik in reaksie op die afskaffing van die heffing op finansiële dienslewering deur banke, wat 'n verlaging in die prima-oortrekingskoers van 0,25 persentasiepunte op 1 Oktober

1996 moontlik gemaak het, en 'n toename van een persentasiepunt in Bankkoers op 21 November 1996. Sedertdien het hierdie koers onveranderd op 20,25 persent gebly. Die *oorheersende koers op verbandlenings van banke*, wat naastenby met die verandering in die prima-oortrekingskoers van banke ooreenstem, het ook sedert Desember 1996 onveranderd op 20,00 persent gebly. Hierdie koers is in Desember 1996 van 19,00 persent tot 20,00 persent verhoog, nadat die prima-oortrekingskoers in November 1996 verhoog is.


Die *oorheersende kleinhandelskoers op vaste deposito's van twaalf maande van banke* is in November 1996 van 15,0 persent tot 14,5 persent verlaag, en het sedertdien onveranderd gebly. Die *maksimum toelaatbare finansieringskostekoerse*, soos dit ingevolge die Woekerwet vasgestel word, is in Maart 1997 met een persentasiepunt verhoog nadat dit sedert September 1995 onveranderd gebly het. Sedert die verhoging was hierdie koerse 29 persent ten opsigte van geldlenings, krediet- en bruikhuurtransaksies vir bedrae van meer as R6 000, maar minder as R500 000, en 32 persent ten opsigte van bedrae tot en met R6 000.

Geldmarktoestande


Geldmarktoestande het in die laaste drie kwartale van 1996 en in die eerste kwartaal van 1997 stram gebly. Gemaat aan *gemiddelde daagliks waardes*, het die geldmarktekort in die tydperk November 1996 tot Maart 1997 elke maand die bedrag van R9 miljard oorskry en in Maart 1997 'n rekordvlak van R10,6 miljard bereik. Ietwat minder stram toestande het in April en Mei 1997 geheers, toe die gemiddelde bedrag aan akkommodasie tot R8,7 miljard en R7,6 miljard onderskeidelik teruggesak het.

Die akkommodasie wat die Reserwebank op maandeindes aan banke moes verleen, het van R9,3 miljard aan die einde van September 1996 tot R10,4

Opbrengskoerskrommes



Totale akkommodasie by die diskontovenster



miljard aan die einde van Desember en R10,5 miljard aan die einde van Maart 1997 toegeneem. Die likiditeitsposisie van die geldmark het in die eerste kwartaal van 1997 per saldo dus onveranderd gebly. Toenames in die netto buitelandse bates van die Reserwebank en 'n netto afname in die bedrag aan note en munte in omloop buite die Reserwebank het in die eerste kwartaal van 1997 likiditeit tot die mark toegevoeg. Hierdie verwikkelinge is egter grootliks teengewerk deur die surplusse wat die Reserwebank uit hoofde van sy betrokkenheid by termyntransaksies in buitelandse valuta behaal het en wat likiditeit uit die mark dreineer het. Die "geldmarktekort" het teen die einde van April en Mei 1997 afgeneem, hoofsaaklik as gevolg van 'n verdere verstewiging van die netto buitelandse bateposisie van die Reserwebank.

Die Reserwebank se optrede in die geldmark gedurende die eerste kwartaal van 1997 was hoofsaaklik daarop gerig om toe te laat dat die "geldmarktekort" die onderliggende kragte in die mark weerspieël. Nogtans was die Bank bereid om hulp te verleen toe dit gelyk het asof die mark uitermate stram geword het, soos wat die geval aan die einde van Maart 1997 was. Met hierdie doel voor oë het die Bank 'n aantal buitelandse valutaruiloooreenkoms met die banke aangegaan en ook bates aangekoop vir die portefeuille van die Korporasie vir Openbare Deposito's. Aan die ander kant is verhoogde likiditeit wat uit die gedeeltelike privatisering van Telkom voortgespruit het deur middel van opemarkverkope van effekte en ander korttermynmaatreëls met 'n soortgelyke uitwerking, soos byvoorbeeld buitelandse valutaruiltransaksies, gedreineer.

Effektemark

Netto uitgiftes van vasterentedraende sekuriteite deur die *openbare sektor* in die *binnelandse primêre effektemark* het sterk afgeneem van R9,8 miljard in die derde kwartaal van 1996 tot R0,6 miljard in die vierde kwartaal. Hierdie afname was die gevolg van netto effekte-aflossings, hoofsaaklik deur die Sentrale Regering, ten bedrae van R2,9 miljard in November 1996. Netto uitgiftes van effekte van die openbare sektor het daarna tot R8,2 miljard in die eerste kwartaal van 1997 toegeneem, wat die totale bedrag wat instansies in die openbare sektor in die fiskale jaar 1996/97 deur uitgiftes van vasterentedraende sekuriteite bekom het op R20,5 miljard te staan laat kom het, teenoor 'n heelwat groter bedrag van R29,5 miljard in die vorige fiskale jaar.

Geen *regte-uitgiftes* van vasterentedraende sekuriteite (met inbegrip van omskepbare voorkeuraandele en skuldbrieve) is gedurende die eerste drie maande van 1997 in die binnelandse primêre kapitaalmark deur genoteerde maatskappye in die private sektor gemaak nie. 'n Bedrag van R2,2 miljard is in 1996 deur middel van sulke uitgiftes verkry. Suid-Afrikaanse instansies het hulself ook in die eerste kwartaal van 1997 daarvan

Tabel 12. Effektemarkbedrywigheid


Tydperk	Primêre mark		Sekondêre mark	
	Effekte van die openbare sektor	Effekte van die private sektor	Effekte op die Effektebeurs verhandel	Netto aankope deur nie-inwoners op die Effektebeurs
	R miljarde	R miljarde	R miljarde	R miljarde
1996: 1e kw	8,5	-	753,2	2,4
2e kw	1,9	-	780,7	0,4
3e kw....	9,8	2,1	808,5	-0,6
4e kw....	0,6	0,1	679,9	1,2
1997: 1e kw....	8,2	-	882,9	6,1

weerhou om effekte wat in vreemde geldeenheide gedenomineer is in die internasionale primêre effektemark uit te gee. Gedurende 1996 het die regering 'n bedrag van R3,4 miljard, en nie-finansiële ondernemings in die openbare sektor 'n totaal van R0,6 miljard in hierdie markte verkry.

Die waarde van transaksies in die sekondêre effektemark het gedurende 1996 met 51 persent toegeneem. In die eerste kwartaal van 1997 het die waarde van effekte wat op die Effektebeurs van Suid-Afrika verhandel is selfs verder tot 'n kwartaallikse rekordhoogtepunt van R882,9 miljard toegeneem; die gemiddelde kwartaallikse omset in 1996 het R755,6 miljard bedra. Die omset in die sekondêre effektemark was veral in Februarie 1997 lewendig toe effekte ten bedrae van R315,7 miljard verhandel is. In April 1997 is effekte ten bedrae van R249,9 miljard verhandel, wat aansienlik laer is as die maandelikse gemiddelde waarde van R294,3 miljard in die eerste kwartaal van 1997.

Deelname deur nie-inwoners in die sekondêre effektemark (gemeet as aankope en verkope van nie-inwoners as 'n persentasie van die totale aankope en verkope van effekte) het skerp toegeneem van omtrent 5,8 persent in 1996 tot 9,9 persent in die eerste vier maande van 1997. In die eerste kwartaal van 1997 het die waarde van die netto aankope deur nie-inwoners op die Effektebeurs R6,1 miljard bedra, teenoor totale netto aankope van R3,4 miljard in die kalenderjaar 1996 in die geheel. In April 1997 het nie-inwoners se aankope van effekte hul verkope met 'n verdere R4,7 miljard oortref, wat die totale netto aankope in die eerste vier maande van 1997 op R10,8 miljard te staan gebring het. Aantreklike opbrengskoerse in die binnelandse mark vergeleke met dié in ander markte, die relatiewe sterkte van die rand in die eerste kwartaal van 1997, verwagtinge van 'n verlangsaming van inflasie in die nabije toekoms en

Deelname van nie-inwoners in die sekondêre effektemark



algemene tevredenheid met die beleidsrigting wat deur die Minister van Finansies aangedui is toe die regering se begrotingsvoorstelle aan die Parlement voorgelê is, was van die belangrikste faktore wat verantwoordelik was vir die lewendige belangstelling van buitelanders in die binnelandse effektemark. Die veranderende sienswyses van nie-inwoners is egter in staat om groter onbestendigheid aan die effektemark te verleen.

Aandelemark

Maatskappye wat op die Johannesburgse Aandelebeurs genoteer is, het in die eerste kwartaal van 1997 kapitaal ten bedrae van R7,8 miljard in die *primère aandelemark* verkry, vergeleke met R10,1 miljard in die vierde kwartaal van 1996. Kapitaal wat deur *regte-uitgiftes van gewone aandele* verkry is, het van R3,0 miljard in die vierde kwartaal van 1996 tot R1,6 miljard in die eerste kwartaal van 1997 afgeneem.


Lewendige toestande het in die *sekondêre aandelemark* voortgeduur en die omset op die Johannesburgse Aandelebeurs het van R34,6 miljard in die vierde kwartaal van 1996 tot R41,2 miljard in die eerste kwartaal van 1997 toegeneem. Verhandeling was veral in Februarie 1997 lewendig toe die maandelikse omset R17,1 miljard bereik het. In April 1997 het die waarde van aandele wat verhandel is selfs verder tot R17,4 miljard toegeneem, wat betekenisvol hoër was as die maandelikse gemiddelde van R13,7 miljard wat in die eerste kwartaal van 1997 aangeteken is.

Tabel 13. Aandelemarktransaksies


Tydperk	Aantal aandele verhandel	Waarde van aandele verhandel	Netto aankope deur nie-inwoners
	miljard	R miljard	R miljard
1996: 1e kw	1,9	27,2	2,3
2e kw	1,9	27,4	1,9
3e kw	2,4	27,8	1,4
4e kw	2,7	34,6	-0,5
1997: 1e kw	3,9	41,2	3,5

Nie-inwoners het aktief in die sekondêre aandelemark handel gedryf en was in 1996 en die eerste vier maande van 1997 vir ongeveer 33 persent van die omset (gemeet as aankope en verkope van nie-inwoners as 'n persentasie van totale aankope en verkope van aandele) op die Johannesburgse Aandelebeurs verantwoordelik. Dit wou voorkom asof nie-inwoners se koopbelangstelling deur die sterkte van die rand aangewakker is, wat die vernaamste oorsaak van 'n toename van 13,2 persent in die dollar-waarde van die maandelikse gemiddelde prysvlak van alle klasse aandele tussen Desember 1996 en April 1997 was. Die handelsbedrywigheid van nie-inwoners het van netto verkope van aandele ten bedrae van R0,5 miljard in die vierde kwartaal van 1996 tot netto aankope

Aandeleprysindekse van alle klasse aandele



Aandelepryse



Die maandelikse gemiddelde prysvlak van alle klasse aandele het vanaf Desember 1996 met 8,5 persent tot 'n nuwe hoogtepunt in Maart 1997 gestyg. Aandelepryse in die finansiële, nywerheids- en handels- en niegoudmynkategorieë het in die eerste kwartaal van 1997 aansienlik gestyg. Hierdie verstewiging van aandelepryse het gevvolg op 'n tydperk van betreklike swakheid waartydens aandelepryse aanvanklik met 1,3 persent vanaf Februarie tot Oktober 1996 gestyg het en daarna met 6,3 persent vanaf Oktober tot Desember gedaal het. Die maandelikse gemiddelde prys van goudmynaandele, wat vanaf Mei 1996 tot Januarie 1997 met 25,4 persent gedaal het, het vanaf Januarie 1997 tot Februarie met 10,8 persent gestyg, maar toe in Maart en April al hierdie winste verloor. Die onlangse daling in goudmynaandele in April 1997 het tot 'n daling van 1,1 persent in die maandelikse gemiddelde prysvlak van alle klasse aandele bygedra. Die afwaarts regstelling van aandelepryse op Wallstraat in die tweede helfte van Maart 1997 en in April het waarskynlik ook bygedra tot 'n afname in die aandelepryse op die Johannesburgse Aandelebeurs in April.


Die maandelikse gemiddelde dividendopbrengskoers op alle klasse aandele het bestendig van 2,08 persent in Januarie 1996 tot 2,46 persent in Januarie 1997 toegeneem, maar toe in Maart afwaarts beweeg tot 2,40 persent toe aandelepryse verstewig het. In April 1997 het die dividendopbrengskoers effens tot 2,41 persent toegeneem. Die maandelikse gemiddelde verdienste-opbrengskoers (met uitsluiting van goudmynaandele) het dienooreenkomsdig van 5,50 persent in Januarie 1996 tot 7,01 persent in Desember toegeneem, voordat dit tot 6,62 persent in Maart 1997 en 6,66 persent in April teruggesak het. Die rendementsgaping (die maandelikse gemiddelde opbrengskoers op langtermynstaatseffekte minus die dividendopbrengskoers op alle klasse aandele), het van 13,7 persentasiepunte in Desember 1996 tot 12,8 persentasiepunte in April 1997 vernou omdat die langtermynopbrengskoers op staatseffekte gedaal het en die dividendopbrengskoers hoofsaaklik onveranderd gebly het. Die prysverdiensteverhouding (goudmynaandele uitgesluit) het van 18,2 in Januarie 1996 tot 14,3 in Desember gedaal, maar toe tot 15,0 in April 1997 gestyg namate aandelepryse meer as verdienste toegeneem het.

Ander finansiële markte


Die bedrywigheid in die *formele mark vir afgeleide instrumente* was net soos dié in die onderliggende aandele-en effektemarkte, in die eerste kwartaal van 1997 besonder lewendig. Vergelyke met die vierde kwartaal van 1996, het die aantal oopsies wat op termynkontrakte verhandel is met 92,8 persent tot 2,1 miljoen kontrakte in die eerste kwartaal van 1997 toegeneem. Die aantal termynkontrakte wat verhandel is, het daarbenewens met 23,6 persent tot 1,3 miljoen

van R3,5 miljard in die eerste kwartaal van 1997 omgekeer. In April 1997 het netto aankope van aandele deur nie-inwoners tot R2,8 miljard toegeneem, wat totale netto aankope in die eerste vier maande van die jaar op R6,3 miljard te staan laat kom het. Vergelyke hiermee, het die netto aankope van aandele deur nie-inwoners R5,3 miljard vir die hele kalenderjaar 1996 bedra.

Deelname van nie-inwoners in die mark vir afgeleide instrumente



Vaste-eiendomstransaksies



kontrakte in die eerste kwartaal van 1997 toegeneem. Die toenemende internasionalisering van die Suid-Afrikaanse kapitaalmark en, meer in die besonder, die mark vir afgeleide instrumente blyk duidelik uit nie-inwonerdeelname as 'n persentasie van ope belang wat van 'n gemiddelde van 7,4 persent in die eerste drie kwartale van 1996 tot 12,9 persent in die vierde kwartaal en selfs verder tot 17,7 persent in die eerste kwartaal van 1997 toegeneem het.

Die "Chicago Mercantile Exchange" en die Suid-Afrikaanse Termynbeurs het albei op 7 Mei 1997 'n rand-dollar-termynkontrak bekend geset, as 'n verdere stap in die geleidelike integrasie van Suid-Afrika in die wêreld se finansiële en valutamarkte. Verhandeling in rand-dollar-termynkontrakte op die Suid-Afrikaanse Termynbeurs sal egter beperk wees tot nie-inwonerklinte van lede van die beurs en gemagtigde handelaars in buitelandse valuta. Inwoners sal egter in staat wees om buitelandsevalutablootstelling in die rand-dollar-termynmark deur gemagtigde handelaars te verskans. Die gemagtigde handelaars in buitelandse valuta sal op hul beurt in staat wees om hul risiko in die termyndekkingmark of deur die termynmark te verskans.

Die behoefte om prysonsekerheid in 'n gedereguleerde mark te bestuur, wat spruit uit die beëindiging van die bemarkingsreeelings van die Mielieraad op 30 April 1997 het tot 'n skerp toename in die volume van verhandeling van mielie-termynkontrakte vanaf die vierde kwartaal van 1996 gelei. Dit is ook 'n aanduiding van 'n groter aanvaarding en begrip van hierdie mark.

Die vaste-eiendomsmark het vanaf die vierde kwartaal van 1996 lewendiger geword. Die kwartaalkse waarde van vaste-eiendomstransaksies het van R7,2 miljard in die derde kwartaal tot R7,7 miljard in die vierde kwartaal van 1996 en R8,3 miljard in die eerste kwartaal van 1997 toegeneem. Die waarde van vaste-eiendomstransaksies in 1996 het R32,3 miljard bedra, wat 9,5 persent hoër was as in 1995. Die aantal transaksies het oor diesselfde tydperk met 6,5 persent toegeneem.

Finansiering in die verbandmark het vanaf die vierde kwartaal van 1996 afgeplat. Die koers van toename oor twaalf maande in verbandvoorskotte het van 'n gemiddelde van 17,4 persent in die eerste drie kwartale van 1996 tot 'n gemiddelde van 17,2 persent in die vierde kwartaal en 16,5 persent in die eerste kwartaal van 1997 afgeneem. Die totale bedrag van uitstaande verbandlenings by banke het egter steeds van R152,4 miljard aan die einde van Desember 1996 tot R157 miljard in Maart 1997 toegeneem.

Openbare finansies

Leningsbehoefte van die openbare sektor

Die *leningsbehoefte van die openbare sektor* (dit wil sê die tekort voor lenings en skuldaflossing van die gekonsolideerde sentrale regering, provinsiale regerings, plaaslike owerhede en die nie-finansiële openbare ondernemings en openbare korporasies) het R32,6 miljard in die fiskale jaar 1996/97 bedra; dit wil sê R2,4 miljard meer as die leningsbehoefte in die voorafgaande fiskale jaar. In verhouding tot die bruto binnelandse produk het die leningsbehoefte van die openbare sektor van 6,1 persent in die fiskale jaar 1995/96 tot 5,9 persent in die fiskale jaar 1996/97 gedaal. Dit strook met die verklaarde oogmerk van die regering om die tekort van die Hoofbegroting in verhouding tot die bruto binnelandse produk voor die jaar 2000 tot 'n volhoubare vlak te verminder.

Die belangrikste rede vir die toename in die randwaarde van die totale leningsbehoefte van die algemene owerheid was dat die tekort op die inkomste- en uitgawerekkening van die gekonsolideerde sentrale regering verswak het van R28,8 miljard in die fiskale jaar 1995/96 tot R31,2 miljard in die fiskale jaar 1996/97. Die finansiële posisie van die provinsiale regerings het verswak van 'n klein surplus van R24 miljoen in die fiskale jaar 1995/96 tot 'n tekort van R1,3 miljard in die fiskale jaar 1996/97. Die finansiële saldo van die nie-finansiële openbare ondernemings en openbare korporasies het 'n ommekeer getoon van 'n tekort van R0,9 miljard in die fiskale jaar 1995/96 tot 'n surplus van R0,7 miljard in die fiskale jaar 1996/97.

Skatkisrekening vir 1996/97

Skatkisuitrekings aan staatsdepartemente, wat in die fiskale jaar 1996/97 'n totaal van R177,2 miljard bedra het, was R3,5 miljard hoër as die oorspronklike begrotingsraming van R173,7 miljard. Hierdie oorbesteding het hoofsaaklik plaasgevind as gevolg van hoér-as-begrote besteding aan skuldkoste en aansienlike toenames in besteding aan polisiëring en oordragte aan provinsies. Die koers van toename in owerheidsbesteding het in die fiskale jaar 1996/97 gevvolglik 13,5 persent bedra, in teenstelling met 'n beoogde toename van 10,4 persent wat voorsien is in die Begroting wat in Maart 1996 aan die Parlement voorgelê is. Die groei in skatkisuitrekings gedurende die afgelope fiskale jaar was nietemin laer as die gemiddelde groei van 14,5 persent per jaar in owerheidsbesteding oor die voorafgaande vyf fiskale jare. In verhouding tot die bruto binnelandse produk het owerheidsbesteding nietemin verder toegeneem van die 31,3 persent wat in 1995/96 aangeteken is tot 31,8 persent in 1996/97.

Staatsinkomste (met die uitsluiting van buitengewone inkomste ten bedrae van R1,6 miljard wat uit die verkoop van strategiese olieresewes verkry is) het in die

fiskale jaar 1996/97 tot R146,1 miljard of met 16,0 persent toegeneem, 'n toename wat aansienlik hoér is as die koers van toename van 13,6 persent wat in die aanvanklike begrotingsvoorstelle aangedui is en ook heelwat bo die koers van toename van 12,2 persent wat in die vorige fiskale jaar aangeteken is.

Die hoér-as-begrote koers van toename in staatsinkomste in die fiskale jaar 1996/97 was hoofsaaklik die gevolg van hoér-as-begrote ontvangste uit inkomstebelasting, wat met 20,7 persent toegeneem het, en doeane-regte, wat met 22,1 persent toegeneem het. Ontvangste uit belasting op toegevoegde waarde en aksynsregte was daarenteen laer as die begrotingsramings. Dit kan moontlik deur 'n verlangsaming in die groei van private verbruiksbesteding verklaar word. Verbeterde belastingadministrasie en betreklik hoë groei in nominale inkomste het tot die toename in inkomstebelasting en doeane-regte in die fiskale jaar 1996/97 bygedra. In die fiskale jaar 1996/97 het staatsinkomste in verhouding tot die bruto binnelandse produk 26,3 persent bedra. Dit is hoér as die verhouding van 25,3 persent wat in die fiskale jaar 1995/96 aangeteken is en ook hoér as die regering se verklaarde doelwit van 25 persent van die bruto binnelandse produk.

Die hoér-as-verwagte uitgawes en inkomste vir die fiskale jaar 1996/97 het 'n *tekort voor lenings en skuldaflossing* van R31,1 miljard tot gevolg gehad, wat effens hoér is as die begrote tekort van R30,7 miljard. As 'n persentasie van die bruto binnelandse produk is die tekort in die fiskale jaar 1996/97 op 5,6 persent geraam, vergeleke met die aanvanklike begrotingsraming van 5,5 persent en die verhouding van 6,1 persent wat in die voorafgaande fiskale jaar aangeteken is. Die algemeen dalende verhouding van die fiskale tekort tot die bruto binnelandse produk strook met die oogmerke van die regering se strategie vir *Groei, Werkverskaffing en Herverdeling* wat 'n afname in die totale begrotingstekort

Tabel 14. Staatsinkomste volgens tipe inkomste in die fiskale jaar 1996/97

Persentasietoename

Inkomstekategorie	Begroot	Werklik
Doeane en aksyns	9,7	11,5
Doeaneregte.....	15,4	22,1
Aksynsregte.....	5,2	3,5
Ander	9,5	10,8
Binnelandse inkomste	14,2	16,7
Inkomstebelasting	17,5	20,7
Belasting op toegevoegde waarde.....	13,3	9,6
Ander	-12,8	10,9
Totale inkomste.....	13,6	16,0

tot 3 persent van die bruto binnelandse produk in die fiskale jaar 1999/2000 in die vooruitsig stel.

Die tekort op die inkomste- en uitgawerekening van die nasionale regering is in 1996/97 hoofsaaklik deur middel van die uitreiking van staatseffekte, en in 'n mindere mate deur 'n afname in kontantsaldo's, die uitreiking van skatkiswissels, die verkoop van strategiese oliereserwes en buitelandse lenings gefinansier. Nuwe fondse wat deur die uitreiking van staatseffekte bekom is, het R21,2 miljard bedra, terwyl skatkiswissels ten bedrae van R5,6 miljard uitgereik is. Die regering het ook deur middel van twee buitelandse leningsuitgiftes tot die internasionale primêre effektemark toegetree: een ten bedrae van DM500 miljoen (R1,5 miljard) met 'n looptyd van sewe jaar in die Euro-effektemark, en die ander ten bedrae van \$300 miljoen (R1,4 miljard) met 'n looptyd van tien jaar in die VSA-mark. 'n Deel van hierdie opbrengs is aangewend om buitelandse skuld van die regering af te los, wat in die fiskale jaar betaalbaar geword het.

Die leningsbedrywigheede van die owerheid, tesame met die aansienlike diskonto waarteen nuwe effekte uitgereik is, het tot 'n toename in staatskuld van R278,9 miljard aan die einde van Maart 1996 tot R310,0 miljard aan die einde van Maart 1997 gelei. Effens vinniger groei in die nominale bruto binnelandse produk, hoofsaaklik as gevolg van toenames in die algemene prysvlak, het 'n effense daling veroorsaak in die verhouding van die staatskuld tot die bruto binnelandse produk van 56,0 persent aan die einde van Maart 1996 tot 55,7 persent aan die einde van Maart 1997.

Die Begroting vir die fiskale jaar 1997/98

Toe die Minister van Finansies sy Begroting in Maart aan die Parlement voorgelê het, het hy beklemtoon dat die fiskale jaar 1997/98 een sal wees van konsolidasie en dat die regering se finansiële beleid gerig sou word deur die behoefte aan versnelde maatskaplike dienslewering, die verhoging van ekonomiese groei, werkverskaffing en die stuifing van inflasie. Die Minister het die regering se doelwitte van die makro-ekonomiese strategie herhaal en dit beskryf as 'n hervormingsprogram wat daarop gerig is om:

- 'n mededingende, snelgroeende ekonomie te skep, wat voldoende werk aan alle werksoekers sal verseker;
- 'n herverdeling van inkomste en geleenthede tot voordeel van die armes te bewerkstellig;
- 'n gemeenskap te vestig wat die vermoë het om te verseker dat betroubare gesondheids-, onderwys- en ander dienste tot almal se beschikking sal wees; en
- 'n omgewing te skep waarin veiligheid en sekuriteit voorrang geniet en waarin werkplekke produktiwiteit sal bevorder.


Die Begroting was in ooreenstemming met dit waartoe die regering hom verbind het toe die makro-ekonomiese strategie in Junie 1996 aan die Parlement voorgelê is.

Tabel 15. Finansiering van die owerheid in die fiskale jaar 1996/97

	R miljoene
Staatseffekte (diskonto ingesluit).....	27 360
Min: Diskonto op staatseffekte	-6 169
Netto ontvangste uit staatseffekte.....	21 191
Skatkiswissels.....	5 567
Buitengewone ontvangste	1 603
Buitelandse lenings	1 277
Nie-bemarkbare sekuriteite	-216
Geldmarkinstrumente	-3 827
TBVC-skuld	-294
Afname in beskikbare kontantsaldo's	5 836
Totale netto finansiering	31 140


Na raming sal die totale owerheidsbesteding in die fiskale jaar 1997/98 met 6,1 persent tot R186,7 miljard toeneem. In verhouding tot die bruto binnelandse produk, sal totale owerheidsbesteding na verwagting van 31,8 persent in die fiskale jaar 1996/97 tot 30,0 persent in die fiskale jaar 1997/98 afneem. Rentebetalings op staatskuld vir die fiskale jaar 1997/98 is op R38,5 miljard geraam, wat R148,2 miljard vir kapitaaluitgawes en lopende uitgawes, met die uitsluiting van rente, laat. Hierdie bedrag was slegs 5,3 persent groter as die hersiene raming vir hierdie soort besteding in 1996/97. Kapitaal-

Skatkisuitreikings aan staatsdepartemente as persentasie van bruto binnelandse produk



Funksionele klassifikasie van owerheidsbesteding as persentasie van totale owerheidsbesteding


1996/97



%

Maatskaplik	45,9
Rente	19,6
Beskerming	15,9
Ekonomies	11,0
Algemeen	7,6

1997/98 (Begroot)



%


Maatskaplik	46,9
Rente	20,4
Beskerming	15,7
Ekonomies	10,0
Algemeen	7,0

besteding is in die fiskale jaar 1997/98 op R13,2 miljard geraam, wat in nominale terme laer is as die hersiene raming vir kapitaalbesteding van R14,6 miljard in die fiskale jaar 1996/97. Volgens 'n funksionele indeling van owerheidsbesteding, is verwag dat die deel van totale besteding wat in 1997/98 aan die voorsiening van maatskaplike dienste en rentebetalings toegewys word, sal styg ten koste van die onderskeie toewysings vir beskermings-, ekonomiese en algemene administratiewe dienste.

Totale inkomste sal na raming in die fiskale jaar 1997/98 met 11,2 persent tot R162,0 miljard toeneem, wat gelyk aan 26,0 persent van die bruto binneilandse produk is. Hoewel die verhouding van staatsinkomste tot die bruto binneilandse produk na verwagting effens van 26,3 persent in die fiskale jaar 1996/97 sal afneem, is dit steeds merkbaar hoër as die regering se verklaarde doelwit van 25 persent. Die owerheid het verwag dat 'n verbetering in die doeltreffendheid van belastingadministrasie en die invordering van uitstaande belastings waarskynlik tot die verhoging in staatsinkomste sou bydra. Daarbenewens is spesiale belastingtoegewings aangekondig om 'n bykomende inkomste ten bedrae van R1,6 miljard te verseker. Hierdie belastingvoorstelle en ander maatreëls het die volgende ingesluit:

- Wysigings aan inkomstebelasting op individue om die druk van belasting en nakoming vir diegene in die laer inkomstegroepe te verlig. Onder andere die grenskoers van belasting van toepassing op belasting-

Skatkisontvangste as persentasie van bruto binneilandse produk



betalers met belasbare inkomste van tussen R40 000 en R45 000, is van 41 persent tot 32 persent verminder en die perk waarteen 'n individu verplig word om 'n belastingopgawe in te dien, is van R50 000 tot R60 000 verhoog.

- Maatreëls wat verband hou met die belastinghantering van maatskappymotors, vervoertoelaes en vakansiehuisvesting wat werkgewers aan werknemers verskaf. Stappe sal gedoen word om die misbruik van sulke byvoordele as belastingvermydingsinstrumente aan bande te lê.
- Dividende wat pensioenfondse van eiendomseffekterustskemas ontvang, sal voortaan aan belasting op pensioenfondse onderhewig wees.
- Aksynsregte ten opsigte van tabakprodukte en alkoholieke en sekere ander dranke is verhoog.
- Die koers van belasting op verhandelbare sekuriteite is verlaag en die oorblywende heffing op finansiële dienste sal afgeskaf word.

Die netto gevolg van die begrote uitgawes van R186,7 miljard en die geraamde inkomste van R162,0 miljard (uitgesluit buitengewone inkomste van R3,1 miljard) is 'n *tekort voor lenings en skuldaflassing* van R24,8 miljard, of 4 persent van die geraamde bruto binnelandse produk. Dit kan vergelyk word met 'n baie groter tekort van R31,1 miljard of 5,6 persent van die bruto binnelandse produk vir die fiskale jaar 1996/97.

Nadat die geskeduleerde leningsterugbetalings van R12,1 miljard in berekening gebring is, word die bruto finansieringsbehoefte vir die fiskale jaar 1997/98 op

R36,9 miljard geraam. Dit sal na verwagting soos volg gefinansier word:


	R miljarde
Staatseffekte (diskonto uitgesluit).....	27,7
Korttermynlenings.....	2,0
Buitelandse lenings.....	4,0
Oordrag vanaf die IMF Depositorekening by die SARB	1,4
Oordrag vanaf die Strategiese Oliefonds.....	1,3
Opbrengs uit die verkoop van staatsbates...	0,5
Totale finansiering	36,9

Die netto toevoeging tot die totale staatskuld gedurende die fiskale jaar 1997/98, met inbegrip van die bykomende verantwoordelikheid vir die terugbetaling van 'n deel van Namibië se staatskuld, sal waarskynlik nie die staatskuld in verhouding tot die bruto binnelandse produk laat toeneem nie. Na raming kan die verhouding aan die einde van die fiskale jaar 1997/98 tot 54,8 persent afneem, teenoor die vlak van 55,7 persent aan die einde van die fiskale jaar 1996/97.


Skatkisrekening vir April 1997

In April 1997 was skatkisuitreikings aan staatsdepartemente (aangesuiwer om kontantvloeiinge te weerspieël) 9,5 persent hoër as in April 1996. Hierdie koers van toename van jaar tot jaar was aansienlik hoër

Tekort voor lenings as persentasie van bruto binnelandse produk



Totale staatskuld as persentasie van bruto binnelandse produk



as die koers van 6,1 persent wat in die Begroting vir die fiskale jaar 1997/98 in die geheel voorsien is. Skatkisontvangste (met uitsluiting van buitengewone ontvangste) het daarteenoor met 'n koers van 3,2 persent van jaar tot jaar toegeneem – aansienlik laer as die 11,2 persent wat in die Begroting in die vooruitsig gestel is. Die netto gevolg van die laer-as-begrote ontvangste en die hoër-as-begrote uitgawes was 'n tekort van R6,2 miljard op die Skatkisrekening voor lenings en skuldaflossing, of 25,1 persent van die begrote tekort vir die fiskale jaar 1997/98 in die geheel. Die tekort was in April 1996 gelyk aan 17,8 persent van die uiteindelike tekort vir die fiskale jaar 1996/97 in die geheel.

Geldvoorraadriglyne vir 1997

Verklaring uitgereik deur dr C.L. Stals, President van die Suid-Afrikaanse Reserwebank

14 Maart 1997

1. Resultaat vir 1996

Die Reserwebank het aan die begin van 1996 aangedui dat 'n toepaslike koers van toename in die breë geldvoorraad (**M3**) tussen die vierde kwartaal van 1995 en die vierde kwartaal van 1996 binne die perke van 6 tot 10 persent sou val. Hierdie riglyne was as versoenbaar beskou met die medium- en langertermyn monetêre oogmerke van die Reserwebank, en met die oorheersende doelwit om finansiële bestendigheid ter ondersteuning van volgehoud ekonomiese groei en ontwikkeling te handhaaf.

Die gerealiseerde groei in **M3** het oor hierdie riglyntydperk egter R41,2 miljard, of 15,2 persent, bedra. Die werklike maandeindwaardes van die breed gedefinieerde geldvoorraad het ook deurgaans in 1996 die ooreenstemmende geraamde waardes van die boonste perk van die riglyngrense oorskry. Die jaar 1996 verteenwoordig die derde opeenvolgende jaar waarin die groei in **M3** aansienlik hoër was as die gewensde groeikoers soos deur die Reserwebank aangedui. Vanweë die hoë vraag na geld, het die koers van toename in die breë geldvoorraad gemiddeld 14,7 persent per jaar van die begin van 1994 tot die einde van 1996 beloop. Indien toegelaat word vir ontwikkelings in die sakesiklus en die twee jare 1992 en 1993 met lae ekonomiese groeikoerse in die vergelyking ingesluit word, het die gemiddelde jaarlikse groeikoers in **M3** oor die afgelope vyf jaar op 'n laervlak van 11,6 persent te staan gekom. Die groei in **M3** het oor hierdie langer tydperk gevvolglik steeds die boonste perk van die geldvoorraadriglyne van 10 persent oorskry, en was min of meer gelyk aan die groeikoers in die nominale bruto binnelandse produk, wat op 'n betreklik akkommoderende monetêre beleidsingesteldheid dui.

Die transaksiemotief om geld te hou, wat met groot toenames in reële besteding en 'n geweldige styging in die omset in finansiële markte in die jongste jare verband gehou het, was 'n belangrike bydraende faktor tot die hoë koerse van toename in die geldvoorraad. Sekere strukturele veranderings, soos die inskakeling van Suid-Afrika by internasionale finansiële markte en die toetreden van meer Suid-Afrikaners tot die mark-ekonomie, het ook veroorsaak dat die groei in geldvoorraad vir 'n langer tydperk hoog gebly het as wat gedurende die verloop van die konjunktuur gewoonlik die geval sou gewees het. Daarbenewens het die hoë geldvoorraadgroei gedurende 1995 en 1996, en veral in die kortertermynkomponente van **M3**, 'n groter vertroue in geld as waardepapier vanweë gunstiger opbrengskoerse op deposito's weerspieël.

Die belangrikste statistiese teenhanger van hierdie groei in die geldvoorraad was 'n stiewige koers van toename in kredietverlening deur monetêre instellings aan die private sektor wat in 1995 en 1996 deurentyd rondom 'n vlak van 17 persent gewissel het. Die vraag na kredietverlening is deur ferm verbruikers- en beleggersvertroue verhoog namate vrese van politieke onbestendigheid verdwyn en ekonomiese groei verbeter het. Herstrukturering in indiensnemingsbeleid wat oor die algemeen veroorsaak het dat ouer met jonger persone vervang is, sowel as 'n omskakeling van buitelandse na binnelandse finansiering van internasionale handels-transaksies vanweë die wisselvalligheid in die mark vir buitelandse valuta in 1996, het verder tot die bestendige hoë styging in die vraag na krediet bygedra. Aan die aanbokant het banke die gebruik van kredietfasilitete daadwerklik bevorder, terwyl kleinhandelaars verbruikers aangemoedig het om hul besteding deur middel van kredietkaarte vir eie gebruik te verhoog.

Teen die agtergrond van hierdie verwikkelings en in die nastrewing van sy missie om die waarde van die rand te beskerm, het die Reserwebank geen ander keuse gehad nie as om 'n strammer monetêre beleidsingesteldheid te aanvaar. Die eerste verhoging in Bankkoers van een persentasiepunt is reeds op 26 September 1994 gemaak, gevolg deur twee verdere verhogings in 1995 om die Bankkoers aan die einde van Junie 1995 op 'n vlak van 15 persent te bring. Sowel korter- as langertermyn rente- en opbrengskoerse in die mark het dienooreenkomsdig in die eerste helfte van 1995 skerp opwaarts beweeg, voordat die koerse in die kapitaalmark in die tweede helfte van daardie jaar begin daal het.

Hierdie afwaartse beweging in langertermynkoerse is omgekeer deur die skielike afname in die netto invloeiing van buitelandse kapitaal wat in die eerste kwartaal van 1996 plaasgevind het. 'n Aantal ongunstige verwikkelings gedurende daardie tyd het voortgegaan om 'n uitvloeiing van korttermynkapitaal te ontketen. Gekombineer met 'n betreklike groot tekort op die lopende rekening van die betalingsbalans in daardie stadium, het 'n tekort op die algehele betalingsbalans ontstaan wat onmiddellike tekorte in die mark vir buitelandse valuta en 'n skerp depresiasié in die wisselkoers van die rand verborsaak het. Die aanvanklike depresiasié het negatiewe verwagtings geskep en het aanleiding daartoe gegee dat vervroegings en vertragings in handelsfinansiering skerp teen Suid-Afrika beweeg het, wat 'n verdere depresiasié van die rand tot gevolg gehad het.

Met slegs beperkte buitelandse valutareserwes en ander middele tot sy beskikkings om die eksterne tekort te finansier, het Suid-Afrika geen alternatief gehad nie as om die tekort op die lopende rekening van die

betalingsbalans tot 'n beheerbaarder vlak te verminder. 'n Deel van die noodsaaklike aanpassing het in elk geval uit die onvermydelike sekondêre invloede van die depresiasie van die rand voortgevloeи. 'n Gelyktydige afname in binnelandse likiditeit is ook in 'n hoër vlak van rentekoerse weerspieël, wat nie net die uitvloeiing van kapitaal ontmoedig het nie, maar ook die vraag na bankkrediet en die groei in binnelandse besteding verminder het. Onder hierdie omstandighede was monetêre beleid daarop ingestel om die markaanpassingsproses aktief te ondersteun. Die Bankkoers is dienooreenkomsdig gedurende 1996 in twee verdere stappe met een persentasiepunt elk tot 17 persent aan die einde van November verhoog.

Die beginselvaste beperkende monetêre beleids-ingesteldheid, tesame met ander faktore soos 'n stadiger groei in nominale arbeidseenheidskoste, verlagings in tariewe op ingevoerde pryse en 'n betreklik bestendige ruilwaarde van die rand tot die middel van Februarie 1996, het heelwat sukses behaal deur die inflasiekoers na 'n enkelsyfer af te bring. Nadat koerse van toename in die verbruikersprysindeks sedert die vroeë sewentigerjare rondom 'n vlak van ongeveer 15 persent gewissel het, en 18,6 persent in 1986 bereik het, het verbruikersprysinflasie in 1993 tot onder 10 persent gedaal. Daarbenewens het die gemiddelde jaarlikse koers van toename in die verbruikersprysindeks van 9,7 persent in 1993 tot 7,4 persent in 1996 afgeneem – sy laagste vlak sedert 1972.

2. Hervatting van inflasionistiese druk

Gedurende die verloop van 1996 is die afwaartse neiging in verbruikersprysinflasie egter omgekeer en het die toename in die verbruikersprysindeks (seisoensaangesuiwerd en teen 'n jaarkoers) van kwartaal tot kwartaal van 'n laer draipunt van 7,8 persent in die tweede kwartaal van 1996 tot 11,6 persent in die vierde kwartaal versnel. Gemeet oor tydperke van twaalf maande, het die koers van toename in verbruikerspryse ook van 'n laagtepunt van 5,5 persent in April 1996 tot 9,4 persent in sowel Desember 1996 as in Januarie 1997 gestyg.

In 'n sekere mate kan hierdie versnelling in verbruikersprysinflasie toegeskryf word aan buitengewone omstandighede, soos die toename in voedselprysse en die invloed van die hoër rentekoerse op die koste van huiseienaarskap. Dit is egter meer betekenisvol dat die onderliggende inflasiekoers (dit wil sê die verandering in die omvattende verbruikersprysindeks met die uitsondering van die prysse van voedsel en nie-alkoholiese drank, huiseienaarkoste en die belasting op toegevoegde waarde) ook gedurende 1996 opmerklik gestyg het. Die seisoensaangesuiwerde onderliggende inflasiekoers van kwartaal tot kwartaal en teen 'n jaarkoers het derhalwe van 6,4 persent in die eerste kwartaal van

1996 tot 12,4 persent in die vierde kwartaal versnel. Gemeet oor tydperke van twaalf maande, het die onderliggende inflasiekoers van 'n lae vlak van 6,3 persent in Mei 1996 tot 9,3 persent in Januarie 1997 gestyg.

Hierdie toename in die onderliggende inflasiekoers toon duidelik dat meer fundamentele faktore vir die styging in inflasie gedurende die laaste helfte van 1996 verantwoordelik was. Die hervatting van inflasionistiese druk het klaarblyklik nie vanweë 'n oorverhitte ekonomie ontstaan nie. Hierdie afleiding word bevestig deur 'n werklike afname in die reële bruto binnelandse besteding in die tweede helfte van 1996, 'n daling in die benutting van die produksievermoë in fabriekswese sedert die tweede kwartaal van 1995 en 'n betreklike groot gaping tussen die potensiële en werklike bruto binnelandse produk.

'n Styging in die nominale arbeidseenheidskoste (dit wil sê die verandering in die verhouding tussen die nominale vergoeding per werknemer en die reële opbrengs per werker) was blykbaar 'n belangrike bydraende faktor tot die hervatting van prysinflasie. Die groei in die nominale arbeidseenheidskoste oor een jaar het van 3,7 persent in die tweede kwartaal van 1995 tot 7,9 persent in die derde kwartaal van 1996 (jongste beskikbare inligting) gestyg, ondanks 'n betreklike skerp toename in produktiwiteit oor hierdie tydperk. Die depresiasie van die rand gedurende 1996 het ook 'n belangrike faktor in die versnelling van verbruikersprysinflasie teen die einde van 1996 geword. Gemeet oor 'n tydperk van twaalf maande, het die koers van toename in die prysse van ingevoerde goedere gestyg van 3,2 persent in April 1996 tot 4,7 persent in September, en daarna heelwat vinniger tot 9,3 persent in Desember.

3. Geldvoorraadriglyne vir 1997

Onder hierdie omstandighede het dit noodsaaklik geword om die huidige hoë groei in die geldvoorraad en die kredietverlening van banke aan die private sektor na laer vlakke te bring. Die voortsetting van uitermatige toenames in die geldvoorraad sal onder huidige omstandighede die nuwe en bestaande inflasionistiese druk aanvuur. Indien dit nie in hierdie stadium beheer word nie, kan die omstandighede maklik in 'n nuwe siklus van voortdurende stygings in die inflasiekoers ontaard. Sou die Reserwebank misluk in sy pogings om die waarde van die geldeenheid te beskerm, sal die doelwitte wat die regering vir ekonomiese heropbou en ontwikkeling gestel het sowel as die implementering van die **Strategie vir Groei, Indiensname en Herverdeling**, nie haalbaar wees nie. In huidige omstandighede is die handhawing van 'n beperkende monetêre beleidsingesteldheid duidelik noodsaaklik.

Met inagneming van die algehele ekonomiese toestande, het die Reserwebank dus besluit om die riglyne vir die groei in die M3-geldvoorraad vir die tydperk van die vierde kwartaal van 1996 tot die vierde kwartaal van 1997 weer op 6 tot 10 persent vas te stel. Hierdie riglyne is in ooreenstemming met die beginselvaste benadering oor die middel- en langertermyn wat die Bank in die afgelope aantal jare gevvolg het, en is 'n aanduiding van die Bank se voorneme om die groei in die geldvoorraad na 'n vlak af te bring wat met laer inflasie versoenbaar is. Die boonste perk van 10 persent neem 'n moontlike groei in die reële bruto binnelandse produk in 1997 van tussen 2 en 3 persent in ag, terwyl die onveranderde laer perk van 6 persent die Reserwebank se vasberadenheid aandui om die inflasiekoers in die langer termyn na vlakke te bring wat meer met die gemiddelde koers van inflasie in Suid-Afrika se handelsvennote en mededingers ooreenstem. Vir 1997 is die uitdaging egter om die inflasie op 'n vlak onder 10 persent te hou.

Die voorsiening van jaarlikse riglyne vir 'n toepaslike toename in die geldvoorraad dra tot deursigtiger monetêre beleid by. Groot afwykings van hierdie riglyne behoort aanleiding te gee tot pro-aktiewe beleidsoptredes deur die Reserwebank, maar dit moet weer beklemtoon word dat die Reserwebank nie van plan is om 'n onbuigsame geldreël gekoppel aan hierdie riglyne te alle tye toe te pas nie. Die geldvoorraadriglyne voorsien bankinstellings en die algemene publiek van 'n duidelike aanduiding van die belangriker onderliggende faktore wat monetêre beleidsoptredes beïnvloed.

Die ondervinding in sommige ander lande waar daar onlangs een of ander vorm van finansiële vrymaking plaasgevind het, is dat daar gedurende 'n tydperk van strukturele ekonomiese oorgang dikwels 'n sterk toename in bankkredietverlening voorkom. Dit is om hierdie rede dat die Reserwebank sal voortgaan om diskresionêre oordeel te gebruik in die besluit oor wat die kombinasie van die geldvoorraadgroei, bankkredietverlening, rentekoerse en wisselkoerse in enige gegewe omstandigheid behoort te wees wat die beste bydrae daartoe sal lewer om die waarde van die geldeeriheid ter ondersteuning van ewewigtige en handhaafbare ekonomiese groei te beskerm. Die Bank se oordeel om enige van hierdie veranderlikes onafhanklik te beïnvloed word egter beperk deur die hoë mate van interafhanklikheid wat tussen hierdie groot-hede bestaan.

Bankkrediet aan die private sektor¹

deur S.J. van der Walt

Inleiding


Bankkrediet is 'n belangrike bron van finansiering vir die private sektor in Suid-Afrika. Banklenings aan die private sektor het gedurende die afgelope twintig jaar teen 'n betreklik hoë gemiddelde jaartikse koers toegenem, ondanks die ontwikkeling van gesofistieerde finansiële produkte en hoogs doeltreffende finansiële markte wat lenings van alternatiewe nie-bank-finansieringsbronne oënskynlik bevoordeel het.

Hierdie nota gee 'n kort oorsig oor die veranderings in bankkredietverlening aan die private sektor gedurende die tydperk 1976 tot 1996. 'n Onderskeid word gemaak tussen die verskillende soorte krediet en tussen maatskappye en individue. Laastens word die banke se uitleenportefeuille in die onderskeie sektore volgens ekonomiese bedrywigheid ingedeel.

Die verloop van bankkrediet aan die private sektor, 1976 tot 1996

Banklenings aan die private sektor het gedurende die tydperk 1976 tot 1996 met gemiddeld 17,9 persent

Grafiek 1: Jaarlikse persentasieverandering in bankkrediet aan die private sektor




per jaar toegeneem. Die jaarlikse toenames het in die tydperk om 'n tendenslyn met 'n effense dalende verloop geskommel en in 1977 'n laagtepunt van 5,4 persent en in 1988 'n hoogtepunt van 32,0 persent aangeteken. Die groei van 16,6 persent in 1996 het tot net onder die waarde van die berekende langtermintendenslyn afgeneem (kyk Grafiek 1).

Veranderings in die banke se uitleenbedrywighede het gedurende die oorsigtijdperk geneig om veranderings in algehele ekonomiese toestande vooraf te gaan. Die groeikoers van jaareinde tot jaareinde in banklenings het oor die algemeen voor 'n opwaartse beweging in die konjunktuur begin versnel en voor die aanvang van die afswaai in die konjunktuur begin verlangsaam (kyk Grafiek 2). Dit weerspieël waarskynlik 'n toename in sakeondernemings se vraag na bedryfskapitaal in afwagting van 'n verbetering in

¹ In hierdie nota bestaan bankkrediet aan die private sektor uit: wissels verdiskonter, afbetalingsverkoopkrediet, bruikhuurfinansiering, kredietkaartdebiteure, verbandvoorskotte en ander lenings en voorskotte wat deur geregistreerde banke en onderlinge banke verleen is. Die private sektor verwys na die nie-bank private sektor.

Grafiek 2: Jaarlikse persentasieverandering in bankkrediet aan die private sektor en gemiddelde prima-oortrekkingskoers van banke



verkope en ekonomiese bedrywigheid in die algemeen, en 'n afname in die vraag na fondse namate sakeondernemings se likiditeit verbeter en individue hul gebruik van bankkrediet gedurende die gevorderde stadium van 'n opwaartse beweging in die konjunktuur inkort.


Die vraag na krediet word natuurlik ook deur die koste van krediet beïnvloed. 'n Styging in rentekoerse word gewoonlik naderhand deur 'n verlang-saming in die groei in bankkredietverlening gevolg, wat op sy beurt weer na 'n verdere tydsloering deur 'n afname in ekonomiese bedrywigheid gevolg word. Net so word 'n daling in rentekoerse gewoonlik deur 'n toename in die groei van kredietverlening gevolg en nog later deur 'n verstewiging in algehele ekonomiese bedrywigheid. Hierdie verloop van gebeure word in Grafiek 2 getoon. Hierdie veranderings is 'n duidelike weerspieëeling van die rol wat die banke in die transmissiemeganisme van monetêre beleid speel in gevalle waar die monetêre owerhede aanpassings in Bankkoers as operasionele beleidsveranderlike gebruik.

Private huishoudings het op groot skaal van bankkrediet gebruik gemaak om verbruiksbesteding te finansier. Veranderings in banklenings aan die private sektor toon 'n goeie korrelasie met veranderings in nominale private verbruiksbesteding (kyk Grafiek 3). Bankkredietverlening aan die private sektor het gedurende die tydperk 1976 tot 1996

gemiddeld teen 'n vinniger koers as private verbruiksbesteding toegeneem; terwyl banklenings aan die private sektor tussen 1976 en 1996 teen 'n gemiddelde koers van 17,9 persent per jaar toegeneem het, het die styging in private verbruiksbesteding op 'n koers van 16,0 persent per jaar te staan gekom. Bankkrediet aan die private sektor het gedurende die betrokke tydperk ook teen 'n aansienlik hoér gemiddelde jaarlikse koers as die gemiddelde groeikoers in die verbruikersprysindeks toegeneem. Reële verdiskonterings en voorskotte aan die private sektor (dit wil sê, na aanpassings vir veranderings in die verbruikersprysindeks) het gedurende die tydperk gevolglik met gemiddeld 4,4 persent per jaar toegeneem, vergeleke met 'n gemiddelde groeikoers van 1,8 persent per jaar in die reële bruto binnelandse produk. Bankkrediet aan die private sektor in verhouding tot die bruto binnelandse produk teen markpryse het gevulglik van 42,0 persent in 1976 tot 62,7 persent in 1996 toegeneem. Hierdie ontwikkelinge het op 'n aansienlike finansiële verdieping in die ekonomie gedurende hierdie tydperk gedui.

Die gemiddelde groeikoers van 16,7 persent per jaar in die banke se totale bates gedurende die tydperk 1976 tot 1996 was aansienlik laer as die gemiddelde jaarlikse toename van 25,2 persent in die totale bates van langtermynversekeraars en die 18,3 persent in die bates van private pensioen- en voorsorgfondse oor hierdie tydperk. Aan die einde van 1996 het die totale bates van langtermynversekeraars dié van die banke (onderlinge banke uitgesluit) effens oorskry. Die banke se oorheersende rol in die finansiële stelsel word dus, ondanks die betreklike sterk groei in hulle bates, deur nog vinniger groei in die bates van ander soorte instellings bedreig.

Grafiek 3: Jaarlikse persentasieverandering in bankkrediet aan die private sektor en private verbruiksbesteding



Bankkrediet aan die private sektor volgens soort krediet

Soos in Tabel 1 aangetoon word, het die grootste deel van bankkrediet aan die private sektor bestaan uit *verbandlenings*, gevolg deur "ander" lenings en voorskotte, wat oortrokke rekenings, faktorering en ander lenings en voorskotte insluit. Die twee komponente het gedurende die tydperk 1976 tot 1996 gemiddeld 73,5 persent van totale banklenings aan die private sektor uitgemaak. *Wissels verdiskonter* het van 6,9 persent van die totaal in 1991 tot 'n laagtepunt van 1,7 persent in 1996 afgeneem. Hierdie afname in relatiewe belangrikheid was die gevolg van die opheffing van die likwiedebatestatus van bankaksepte ingevolge die Bankwet. Bankaksepte is ook vanaf Mei 1993 nie meer as sekuriteit vir oornaglenings by die diskontovenster aanvaar nie.

Dit wil voorkom asof leners betreklik maklik tussen die gebruikmaking van *afbetaalingsverkoopkrediet* en

Tabel 1. Bankkrediet aan die private sektor volgens soort krediet


Einde van	Wissels verdiskonter		Afbetalings - verkoopkrediet		Bruikhuur- finansiering		Krediet- kaarte		Verband- lenings		Ander	Totaal	
	Persen- tasie		Persen- tasie		Persen- tasie		Persen- tasie		Persen- tasie		Persen- tasie	Persen- tasie	
	R	totaal	R	totaal	R	totaal	R	totaal	R	totaal	R	R	
1976.....	830	6,6	804	6,4	923	7,3	5 553	44,1	4 484	35,6	12 594
1977.....	676	5,1	855	6,4	1 034	7,8	6 060	45,7	4 645	35,0	13 270
1978.....	602	4,1	1 317	9,0	1 263	8,6	6 572	44,8	4 922	33,5	14 676
1979.....	881	5,2	1 853	10,9	1 553	9,2	7 552	44,6	5 101	30,1	16 940
1980.....	1 446	6,6	2 959	13,5	2 145	9,7	9 594	43,7	5 833	26,5	21 977
1981.....	1 582	5,7	4 889	17,7	2 840	10,3	11 085	40,0	7 286	26,3	27 682
1982.....	2 204	6,7	6 196	18,8	3 638	11,0	12 124	36,7	8 832	26,8	32 994
1983.....	1 092	2,7	7 640	18,7	4 601	11,3	15 381	37,8	11 999	29,5	40 713
1984.....	1 243	2,4	10 401	19,9	5 605	10,8	18 066	34,6	16 851	32,3	52 166
1985.....	2 211	3,7	10 533	17,6	5 241	8,8	21 050	35,1	20 841	34,8	59 876
1986.....	2 598	3,9	10 309	15,4	4 889	7,3	24 818	37,2	24 154	36,2	66 768
1987.....	3 637	4,6	9 779	12,4	4 771	6,0	31 404	39,6	29 637	37,4	79 228
1988.....	5 735	5,5	12 422	11,9	6 988	6,7	41 152	39,3	38 316	36,6	104 613
1989.....	6 442	5,1	15 600	12,3	9 129	7,2	48 604	38,2	47 265	37,2	127 040
1990.....	8 746	5,9	18 054	12,2	10 976	7,4	55 891	37,6	54 846	36,9	148 513
1991.....	11 860	6,9	19 259	11,2	13 234	7,7	2 997	1,8	66 492	38,5	58 426	33,9	172 268
1992.....	12 537	6,7	19 552	10,4	14 500	7,7	3 613	1,9	78 457	41,7	59 355	31,6	188 014
1993.....	7 925	3,8	23 062	10,9	15 493	7,3	3 644	1,7	92 887	43,8	68 911	32,5	211 922
1994.....	7 284	3,0	29 423	12,0	16 613	6,8	4 794	2,0	110 166	44,9	76 920	31,3	245 200
1995.....	7 373	2,5	37 442	12,8	19 375	6,7	7 026	2,4	130 312	44,6	90 539	31,0	292 067
1996.....	5 863	1,7	45 380	13,3	22 637	6,6	8 834	2,6	152 406	44,8	105 440	31,0	340 560
Gemiddelde jaarlikse groei (percent)	10,3		22,3		17,4		24,1		18,0		17,1		17,9

bruikhuurfinansiering verwissel. Hierdie twee soorte krediet het gedurende die tydperk 1976 tot 1996 gemiddeld 21,2 persent van die totale krediet beloop en tussen 'n laagtepunt van 13,6 persent van die totaal in 1976 en 'n hoogtepunt van 30,7 persent in 1984 gewissel. Veranderings in die gebruikmaking van afbetalingsverkoopkrediet en bruikhuurfinansiering het oor die algemeen betreklik nou ooreengestem met veranderings in private verbruiksbesteding aan duursame goedere teen heersende pryse (kyk Grafiek 4). Die grafiek toon ook 'n betreklike sterk omgekeerde verwantskap tussen veranderings in die totaal van afbetalingsverkoopkrediet en bruikhuurfinansiering en die vlak van rentekoerse soos aangedui deur die prima-oortrekkingskoers van die banke. Dit impliseer natuurlik ook 'n omgekeerde verwantskap tussen veranderings in private verbruiksbesteding aan duursame goedere en die vlak van die prima-oortrekkingskoers.


Gegewens met betrekking tot kredietkaart-debiteure is slegs vanaf 1991 beskikbaar. Hierdie soort krediet het aan die einde van 1996 slegs 2,6 persent van totale bankkrediet aan die private sektor beloop. Uitstaande skuld op kredietkaarte het egter in die ses jaar tot 1996 met gemiddeld 24,1 persent per jaar toegeneem, wat aansienlik vinniger was as die groeikoers in totale bankkrediet aan die private sektor, wat oor dieselfde tydperk gemiddeld 14,6 persent per jaar beloop het.

Verbandlenings as persentasie van totale bankkrediet aan die private sektor het van 45,7 persent in 1977 tot 34,6 persent in 1984 afgeneem, voordat dit in 1996 tot 44,8 persent gestyg het. Die koers van toename in verbandlenings van jaareinde tot jaareinde het tot in 1991 oor die algemeen 'n soortgelyke verloop getoon as die van totale bankkrediet, met die uitsondering van verbandlenings. Sedert 1991 het verbandlenings teen 'n verbased bestendige koers bly toeneem. In teenstelling hiermee, het die groeikoers

Grafiek 4: Jaarlikse persentasieverandering in private verbruiksbesteding aan duursame goedere, afbetelingsverkoopkrediet en bruikhuurfinansiering, en primakoers



Grafiek 5: Jaarlikse persentasieverandering in verbandlenings en totale krediet uitsluitende verbandlenings aan die private sektor




van nie-verbandkredietverlening aan die private sektor in 1991 en 1992 skerp bly afneem, maar daarna tot 1995 voortdurend versnel voordat dit in 1996 weer effens afgeneem het (kyk Grafiek 5). Die bekendstelling van buigsame verbandlenings het die gewildheid van hierdie soort krediet laat toeneem en leners in staat gestel om verbandfaciliteite vir ander doeleindes as die finansiering van vaste-eiendomtransaksies aan te wend. Die aantreklikheid van verbandlenings is verder verhoog deur die betreklik lae koste van hierdie soort finansiering. Van die aanbokant af het banke ook die gebruik van verbandlenings aktief aangemoedig vanweë die laer kapitaalrisikogewig wat op hierdie soort bate van toepassing is, sowel as die veronderstelde laer risiko wat sulke lenings vir die uitlener inhoud. Die aanwending van verbandlenings vir ander doeleindes as die finansiering van vaste eiendom word in Grafiek 6 weerspieël, wat toon dat die jaarlikse verbanduitbetalings vanaf 1992 toenemend die waarde van die jaarlikse vaste-eiendomtransaksies oorskry het.

"Ander" lenings en voorskotte het gedurende die tydperk 1976 tot 1996 gemiddeld 32,7 persent van totale bankkrediet aan die private sektor beloop en tussen 'n laagtepunt van 26,3 in 1980 en 36,9 persent in 1990 gewissel. Hierdie soort krediet

bestaan hoofsaaklik uit oortrokke rekenings en word meestal as bedryfskapitaal deur sakeondernemings gebruik.

Grafiek 6: Verbandlenings uitbetaal en waarde van vaste-eiendomtransaksies



Bankkrediet aan huishoudings en maatskappye

'n Indeling van bankkrediet aan huishoudings en maatskappye volgens soort krediet word in Tabel 2 getoon. Die huishouingsektor is die belangrikste gebruiker van bankkrediet wat aan die private sektor verleen word; meer as 60 persent van die totale krediet wat banke aan die private sektor verleen het, is aan huishoudings toegedeel. Daarbenewens het doeltreffender tesourie-optredes en die instelling van verskeie kontantbestuur-skemas die korporatiewe sektor se afhanklikheid van bankkrediet geleidelik laat afneem.

Huishoudings was die belangrikste ontvangers van banklenings in die vorm van verbandvoorskotte; meer as 90 persent van hierdie soort krediet is aan huishoudings toegeken. Hierteenoor het maatskappye hoofsaaklik van "ander" lenings en voorskotte, wat oortrokke rekeninge en faktorering insluit, gebruik gemaak. Ongeveer twee derdes van hierdie soort krediet was vir die rekening van die korporatiewe sektor. 'n Stygende deel van bankkrediet in die vorm van afbetalingsverkoopkrediet en bruikhuur-

finansiering, het ook in onlangse jare na die korporatiewe sektor gevloei: die deel van uitstaande afbetalingsverkoopkrediet wat aan maatskappye verleen is, het van 45,2 persent in 1992 tot 52,6 persent in 1996 gestyg. Bruikhuurfinansiering aan maatskappye het gedurende dieselfde tydperk van 53,1 persent van die totaal van hierdie soort krediet tot 65,1 persent toegeneem.

Kredietkaartdebiteure bestaan hoofsaaklik uit individue. Aan die einde van 1996, was nie minder nie as 97,8 persent van uitstaande kredietkaartskuld deur die huishouingsektor verskuldig. Die uitstaande bedrag aan kredietkaartskuld is nog steeds betreklik klein en het aan die einde van 1996 slegs 4 persent van die huishoudings se totale bankskuld beloop (kyk Tabel 3). Huishoudings se lenings van banke het hoofsaaklik uit verbandlenings bestaan. Oor die algemeen het verbandlenings meer as 60 persent van huishoudings se totale lenings van banke uitgemaak. "Ander" lenings en voorskotte het gemiddeld ongeveer 18 persent van huishoudings se totale gebruik van banklenings uitgemaak.

Afbetalingsverkoopkrediet en bruikhuurfinansiering wat deur maatskappye gebruik is, het van ongeveer 23 persent van die korporatiewe sektor se totale lenings

Tabel 2. Indeling van bankkrediet aan huishoudings en maatskappye volgens soort krediet

	Einde van 1992		Einde van 1994		Einde van 1996	
	Bedrag R miljoene	Percentasie van totaal van soort %	Bedrag R miljoene	Percentasie van totaal van soort %	Bedrag R miljoene	Percentasie van totaal van soort %
Afbetalingsverkoopkrediet						
Huishoudings	10 722	54,8	13 729	46,7	21 528	47,4
Maatskappye	8 830	45,2	15 694	53,3	23 852	52,6
Bruikhuurfinansiering						
Huishoudings	6 807	46,9	7 817	47,1	7 910	34,9
Maatskappye	7 693	53,1	8 796	52,9	14 727	65,1
Kredietkaarte						
Huishoudings	3 455	95,6	4 637	96,7	8 642	97,8
Maatskappye	158	4,4	157	3,3	192	2,2
Verbandlenings						
Huishoudings	73 320	93,5	101 503	92,1	137 117	90,0
Maatskappye	5 137	6,5	8 663	7,9	15 289	10,0
Ander lenings*						
Huishoudings	21 126	29,4	26 293	31,2	42 781	38,4
Maatskappye	50 766	70,6	57 911	68,8	68 522	61,6
Totaal						
Huishoudings	115 430	61,4	153 979	62,8	217 978	64,0
Maatskappye	72 584	38,6	91 221	37,2	122 582	36,0
Totaal.....	188 014	100,0	245 200	100,0	340 560	100,0

* Met insluiting van wissels verdiskonter.

Tabel 3. Indeling van bankkrediet aan huishoudings en maatskappye volgens soort krediet as persentasie van totale krediet aan betrokke sektor

Percent

	Einde van 1992		Einde van 1994		Einde van 1996	
	Huishoudings	Maatskappye	Huishoudings	Maatskappye	Huishoudings	Maatskappye
Afbetalingsverkoopkrediet	9,3	12,2	8,9	17,2	9,9	19,5
Bruikhuurfinansiering	5,9	10,6	5,1	9,6	3,6	12,0
Kredietkaarte.....	3,0	0,2	3,0	0,2	4,0	0,1
Verbandlenings	63,5	7,1	65,9	9,5	62,9	12,5
Ander lenings*	18,3	69,9	17,1	63,5	19,6	55,9
Totaal	100,0	100,0	100,0	100,0	100,0	100,0

* Insluitende wissels verdiskonter

van banke in 1992 tot 31 persent in 1996 gestyg. Hierdie soort kredietreeëlings het toenemend gewilder geraak vir die finansiering van maatskappymotorskemas. "Ander" lenings en voorskotte is egter nog steeds die oorheersende soort krediet wat deur maatskappye gebruik word.

In die werkzaamhede van banke as finansiële tussengangers, is die huishouding- en korporatiewe sektor nie slegs belangrik as gebruikers van fondse nie, maar is hulle ook 'n belangrike bron van fondse vir die banke. Albei hierdie sektore is egter op 'n netto grondslag debiteure van die banke (kyk Tabel 4). Banke speel dus 'n belangrike rol in die befondsing van die huishouding- sowel as die korporatiewe sektor.

Banke se netto eise teen die huishoudingsektor het oor die afgelope paar jaar 'n aansienlike toename getoon; die toename in die banke se bruto eise teen huishoudings het die koers van toename in die huishoudings se deposito's by banke aansienlik oorskry. Tussen 1992 en 1996 het banke se bruto eise teen huishoudings met gemiddeld 17,2 persent per jaar toegeneem, terwyl huishoudings se besit aan deposito's by banke oor dieselfde tydperk teen 'n gemiddelde koers van 9,4 persent per jaar toegeneem het. Gevolglik het die banke se netto eise teen die huishou-

dingsektor van R12 108 miljoen in 1992 tot R70 235 miljoen in 1996 toegeneem, oftewel teen 'n gemiddelde koers van 55,2 persent per jaar.

Huishoudings se besit aan deposito's by banke is nadelig getref deur die bekendstelling van alternatiewe beleggingsgeleenthede in 'n tydperk toe die persoonlike besparingsgeneigdheid laag gebly het. Terselfdertyd het bankkrediet aan huishoudings van 52,7 persent van persoonlike beskikbare inkomte in 1992 tot 64,7 persent in 1996 toegeneem. Talle nuwe toetreders tot die formele sektor van die ekonomie het gedurende hierdie tydperk toe die totale binnelandse vraag vinnig gegroei het, ook op groot skaal van die geredelik beskikbare bankkrediet gebruik gemaak.

Banke se netto eise teen die korporatiewe sektor het van R24 120 miljoen in 1992 tot R20 403 miljoen in 1996 afgeneem. Gedurende hierdie tydperk het die korporatiewe sektor se besit aan deposito's teen 'n gemiddelde koers van 20,5 persent per jaar toegeneem, terwyl die banke se bruto eise teen maatskappye teen 'n heelwat stadiger koers van 14,0 persent per jaar toegeneem het. Dit was wesenlik 'n weerspieëling van die verbetering in die likiditeit van die korporatiewe sektor gedurende 'n tydperk van algemene herstel in die ekonomie en stetige toenames in winste.

Tabel 4. Banke se netto eise teen die huishouding- en korporatiewe sektor

R miljoene

	Einde van 1992		Einde van 1994		Einde van 1996	
	Huishoudings	Maatskappye	Huishoudings	Maatskappye	Huishoudings	Maatskappye
Bruto eise.....	115 430	72 584	153 979	91 221	217 978	122 582
Depositos.....	103 322	48 464	119 266	69 115	147 743	102 179
Netto eise	12 108	24 120	34 713	22 106	70 235	20 403

Indeling van bankkrediet volgens sektor van ekonomiese bedrywigheid

Banke voorsien nie net lenings aan 'n wye verskeidenheid van leners in verskillende geografiese gebiede nie, maar mik ook vir 'n breë sektorale diversifikasie van hul uitleenbedrywighede. Gegewens oor die indeling van bankkrediet aan die private sektor volgens ekonomiese bedrywigheid word in Tabel 5 getoon.² Die gegewens vir 1996 is saamgestel uit inligting wat halfjaarlikse deur banke en onderlinge banke ingedien word ingevolge die Regulasies wat onder die Bankwet aangekondig is. Hierdie gegewens toon 'n opvallende groot toename in bankkrediet aan leners in die kategorie "Ander", wat moontlik daarop dui dat 'n akkurate indeling van bankkrediet volgens soort ekonomiese bedrywigheid nog nie ten volle deur al die verslaggewende banke ingestel is nie.

Bankkredietverlening aan die nie-bank private sektor volgens soort ekonomiese bedrywigheid stem min of meer ooreen met die relatiewe bydrae wat die verskillende sektore tot die bruto binnelandse produk teen faktorkoste maak. Die tersiêre private sektor wat in 1996 vir 48,7 persent van die bruto binnelandse


produk teen faktorkoste (die algemene owerheidsektor uitgesluit) verantwoordelik was, het in die betrokke jaar 39,9 persent gebruik van die totale bankkrediet wat aan die private sektor verleen is. Krediet aan die tersiêre private sektor van die ekonomie as persentasie van totale bankkredietverlening het aanvanklik matig van 17,7 persent in 1976 tot 20,1 persent in 1986 toegeneem, maar toe in die daaropvolgende 10 jaar byna verdubbel. In teenstelling hiermee het die waarde wat deur die tersiêre private sektor toegevoeg is matiger van 43,5 persent van die bruto binnelandse produk in 1976 tot 48,7 persent in 1996 toegeneem. Dit dui daarop dat die tersiêre

² Gegewens ten opsigte van die sektorale indeling van verdiskonteringe en voorskotte deur die toenmalige handelsbanke, aksepbanke en "ander" monetêre banke soos aan die einde van 1986, is in die *Kwartaalblad* van Junie 1988 gepubliseer. Ten einde vergelykbare datareeks te verkry, is die inligting vir die tydperk voor 1986 aangepas om voorsiening te maak vir verandering in die definisie van die banksektor. Die gegewens vir die jare 1976 en 1986 wat in hierdie publikasie gebruik word, verskil van dié wat voorheen gepubliseer is omdat kredietverlening aan die private sektor deur voormalige "nie-monetêre" banke en voormalige bouverenigings by die datareeks wat vantevore gepubliseer is, getel is.

Tabel 5. Indeling van bankkrediet aan die private sektor volgens soort ekonomiese bedrywigheid


Sektor	Einde van 1976		Einde van 1986		Einde van 1996	
	Bedrag	Persentasie van totale krediet	Bedrag	Persentasie van totale krediet	Bedrag	Persentasie van totale krediet
	R miljoene	%	R miljoene	%	R miljoene	%
Primêre sektor.....	948	7,5	5 413	8,1	9 082	2,7
Landbou.....	758	6,0	4 657	7,0	7 401	2,2
Mynbou.....	190	1,5	756	1,1	1 681	0,5
Sekondêre sektor.....	1 771	14,1	9 909	14,8	31 620	9,2
Fabriekswese.....	1 377	10,9	8 181	12,3	24 862	7,3
Konstruksie.....	210	1,7	1 111	1,7	3 879	1,1
Elektrisiteit, gas en water.....	184	1,5	617	0,9	2 879	0,8
Tersiêre sektor.....	2 231	17,7	13 452	20,1	135 829	39,9
Handel en akkommodasie.....	846	6,7	3 580	5,4	19 910	5,8
Vervoer en kommunikasie.....	n/a	-	n/a	-	4 555	1,3
Vaste eiendom.....	352	2,8	1 963	2,9	57 355	16,9
Finansiële dienste.....	832	6,6	2 222	3,3	7 017	2,1
Ander.....	201	1,6	5 687	8,5	46 992	13,8
Totaal (individue uitgesluit).....	4 950	39,3	28 774	43,1	176 531	51,8
Individue.....	7 644	60,7	37 994	56,9	164 029	48,2
Totaal.....	12 594	100,0	66 768	100,0	340 560	100,0

Grafiek 7: Bankkrediet volgens ekonomiese sektor as persentasie van totale bankkrediet aan die private sektor



1976

	%
Primêre	7,5
Sekondêre	14,2
Tersiêre	17,7



1996

	%
Primêre	2,7
Sekondêre	9,2
Tersiêre	39,9

sektor se gebruik van bankkrediet oor die afgelope twintig jaar aansienlik uitgebrei het.

Die toegevoegde waarde van die sekondêre sektor as persentasie van die bruto binnelandse produk het

effens toegeneem van 35,4 persent in 1976 tot 36,2 persent in 1996. Bankkredietverlening aan hierdie sektor as persentasie van totale bankkredietverlening aan die private sektor het egter van 14,1 persent in

Tabel 6. Toegevoegde waarde volgens ekonomiese bedrywigheid as persentasie van nominale bruto binnelandse produk teen faktorkoste

Percent

Sektor	1976	1986	1996
Primêre sektor.....	21,1	24,0	15,1
Landbou.....	8,3	6,4	5,5
Mynbou	12,8	17,6	9,6
Sekondêre sektor.....	35,4	35,7	36,2
Fabriekswese	26,8	26,7	28,1
Elektrisiteit, gas en water	3,1	4,9	4,6
Konstruksie.....	5,5	4,0	3,5
Tersiêre sektor (algemene owerheid uitgesluit).....	43,5	40,3	48,7
Handel en akkommodasie.....	15,4	13,7	19,0
Ander (algemene owerheid uitgesluit).....	28,1	26,6	29,7

Tabel 7. Bankkrediet volgens sektor as persentasie van toegevoegde waarde volgens soort ekonomiese bedrywigheid teen faktorkoste

Percent

Sektor	1976	1986	1996
Primêre sektor.....	17,7	19,8	14,7
Landbou.....	35,9	63,6	32,8
Mynbou	5,8	3,8	4,3
Sekondêre sektor.....	19,7	24,3	21,3
Fabriekswese	20,2	26,8	21,6
Elektrisiteit, gas en water	23,7	11,0	15,2
Konstruksie.....	15,1	24,3	27,1
Tersiêre sektor (algemene owerheid uitgesluit).....	20,2	29,2	68,0
Handel en akkommodasie.....	21,6	22,9	25,6
Ander (algemene owerheid uitgesluit).....	19,4	32,5	95,1

1976 tot 9,2 persent in 1996 afgeneem. Die relatiewe belangrikheid van die sekondêre sektor as gebruiker van bankkrediet het gevvolglik oor die afgelope twintig jaar kleiner geword.

Die toegevoegde waarde van die primêre sektor as persentasie van die bruto binnelandse produk het per saldo van 21,1 persent in 1976 tot 15,1 persent in 1996 afgeneem. Bankkrediet aan hierdie sektor as persentasie van totale bankkredietverlening aan die private sektor het egter nog verder afgeneem, naamlik van 7,5 persent in 1976 tot slegs 2,7 persent in 1996.

Bankkrediet aan die landbousektor as 'n persentasie van totale bankkredietverlening aan die private sektor het van 6,0 persent in 1976 tot 7,0 persent in 1986 toegeneem, voordat dit tot slegs 2,2 persent in 1996 gedaal het. Hierteenoor het die landbousektor se toegevoegde waarde as persentasie van die bruto binnelandse produk teen faktorkoste egter 'n volgehoue daling van 8,3 persent in 1976 tot 6,4 persent in 1986 en 5,5 persent in 1996 getoon. Gevolglik het die bankkrediet wat deur hierdie sektor gebruik is as persentasie van die toegevoegde waarde van hierdie sektor van 35,9 persent in 1976 tot 63,6 persent in 1986 toegeneem voordat dit weer tot 32,8 persent in 1996 afgeneem het.

Die mynbou is in die algemeen 'n kapitaal-intensieve bedryf. Gegewe die hoë risiko's verbonde aan mynbou-eksplorasie en die betreklike lang tydperk voordat mynbedrywighede winsgewend word, word sodanige projekte meestal deur aandelekapitaal en langtermynskuld befonds. Daar word slegs op 'n beperkte skaal van bankkrediet gebruik gemaak (kyk Tabel 5). Bankkredietverlening aan die mynbousektor het as persentasie van totale kredietverlening aan die private sektor van 'n reeds lae 1,5 persent in 1976 tot 1,1 persent in 1986 en slegs 0,5 persent in 1996 afgeneem. Die waarde wat die mynbousektor tot die bruto binnelandse produk bydra, het van 12,8 persent in 1976 tot 17,6 persent in 1986 gestyg voordat dit weer tot 9,6 persent in 1996 teruggeval het. Bankkrediet wat deur die mynbousektor gebruik is as persentasie van die waarde wat tot die bruto binnelandse produk toegevoeg is, het van 5,8 persent in 1976 tot 3,8 persent in 1986 gedaal, maar toe weer tot 4,3 persent in 1996 toegeneem. Laasgenoemde styging weerspieël waarskynlik 'n toename in die behoeftes aan bedryfskapitaal van die mynbousektor nadat hierdie sektor se reële toegevoegde waarde gedurende 1996 gedaal het.

Bankkrediet aan die fabriekswesese sektor as persentasie van totale bankkredietverlening aan die private sektor het van 10,9 persent in 1976 tot 12,3 persent in 1986 toegeneem, maar weer tot 7,3 persent in 1996 gedaal. Die sektor se kleiner vraag na bankkrediet in 1996 weerspieël waarskynlik 'n verbetering in winsgewendheid en die beskikbaarheid van alternatiewe finansieringsbronne. Die fabriekswesese sektor se toege-

voegde waarde as persentasie van die bruto binnelandse produk teen faktorkoste het per saldo van 26,8 persent in 1976 tot 28,1 persent in 1996 toegeneem. Fabriekswese was die belangrikste enkele ekonomiese bedrywigheid in die ekonomie gebly. Bankkrediet aan die fabriekswesese sektor, as persentasie van totale krediet aan die private sektor, het egter betreklik laag gebly vergeleke met die bydrae wat hierdie sektor tot die bruto binnelandse produk gemaak het.

Die toegevoegde waarde van die sektor elektrisiteit, gas en water as persentasie van die bruto binnelandse produk het van 3,1 persent in 1976 tot 4,9 persent in 1986 toegeneem, maar weer tot 4,6 persent in 1996 verminder. Banklenings aan hierdie sektor het ook vergelykenderwys onbeduidend gebly en van 'n reeds lae 1,5 persent van totale bankkrediet aan die private sektor in 1976 tot slegs 0,8 persent in 1996 afgeneem. Die bedrywighede van ondernemings in hierdie sektor is van so 'n aard dat langtermynbefondsing voorkeur geniet; hul vraag na bankkrediet is gevvolglik betreklik klein.

Banklenings aan sakeondernemings in die konstruksiese sektor van die ekonomie het ook slegs 'n betreklike klein deel van totale bankkredietverlening aan die private sektor uitgemaak en per saldo van 1,7 persent in 1996 tot 1,1 persent in 1996 afgeneem.

Die aard van die bedrywighede van sakeondernemings in die sektor "handel en akkommodasie" het veroorsaak dat hierdie sektor gedurende die tydperk 1976 tot 1996 'n belangrike gebruiker van bankkrediet gebly het. Bankkrediet wat aan hierdie sektor verleen is as persentasie van die waarde wat hierdie sektor tot die bruto binnelandse produk toegevoeg het, het van 21,6 persent in 1976 tot 25,6 persent in 1996 toegeneem. Hierdie toename bevestig die feit dat die sektor handel en akkommodasie toenemend op bankkrediet staatmaak vir die bevrediging van sy finansieringsbehoeftes. Bankkrediet aan handels- en akkommodasie-organisasies het egter met minder as die totale bankkrediet aan die private sektor toegeneem, met die gevolg dat die deel van totale bankkrediet wat aan hierdie sektor toegedeel is van 6,7 persent in 1976 tot 5,8 persent in 1996 afgeneem het.

Die beskikbare gegewens duif op 'n aansienlike toename in bankkredietverlening aan die kategorie "Ander" in die tersiêre sektor van 11,0 persent van totale bankkredietverlening aan die private sektor in 1976 tot 14,7 persent in 1986 en 34,1 persent in 1996. Die bydrae van hierdie subsektor tot die bruto binnelandse produk het slegs van 28,1 persent in 1976 tot 29,8 persent in 1996 gestyg. Bankkrediet wat deur hierdie subsektore gebruik is, as persentasie van hul bydrae tot die bruto binnelandse produk, het gevvolglik skerp gestyg van slegs 19,4 persent in 1976 tot nie minder nie as 95,1 persent in 1996. Hierdie hoë verhouding plaas die akkuraatheid van die sektorale klassifikasie van bankkrediet aan die einde van 1996 in 'n mate onder verdenking.

Gevolgtrekking

Banke was gedurende die tydperk 1976 tot 1996 'n belangrike bron van finansiering in Suid-Afrika. Bankkrediet aan die private sektor het gedurende hierdie tydperk voortdurend teen 'n vinniger koers as die toename in die bruto binnelandse produk gestyg. Die groei in bankkrediet aan die private sektor het onderling tussen die onderskeie sektore van ekonomiese bedrywigheid verskil. Toenames in banklenings het ook 'n betreklik nou omgekeerde verwantskap met veranderings in die rentekoersvlak getoon en sodoende benadruk dat banke 'n belangrike rol as geleiers van monetêre beleidsmaatreëls speel.

Banklenings aan maatskappye as persentasie van totale banklenings aan die private sektor het laer geneig omdat maatskappye hulle kontantbestuurskemas verbeter het, nuwe finansiële instrumente gebruik het en van die doeltreffender finansiële markte gebruik gemaak het om in hul finansieringsbehoeftes te voorsien. Banklenings aan huishoudings het ongestoord bly toeneem en die nie-korporatiewe sektor maak nou verreweg die grootste deel van die banke se kliëntebasis uit. Banklenings aan die huishouingsektor bestaan hoofsaaklik uit verbandlenings terwyl maatskappye bankkrediet hoofsaaklik deur middel van oortrokke rekenings en ander lenings verkry. Die korporatiewe sowel as die huishouingsektor is netto debiteure van die banke.

Banke het gedurende die oorsigtydperk 'n goed gediversifieerde leningsportefeuilje in stand gehou. Bankkrediet aan ondernemings wat in die onderskeie sektore van ekonomiese bedrywigheid werksaam is, het met enkele uitsonderings, soos die mynbou, geneig om min of meer ooreen te stem met die sektore se bydrae tot die bruto binnelandse produk teen faktorkoste. 'n Duidelike verskuiwing in banklenings van ondernemings in die primêre en sekondêre sektore na ondernemings in die tersiêre sektor het gedurende die tydperk 1986 tot 1996 voorgekom. Dit is deels 'n weerspieëeling van die toenemende belangrikheid van die dienstesektor in die Suid-Afrikaanse ekonomie.

Notes to tables

The South African authorities have subscribed to the International Monetary Fund's Special Data Dissemination Standard (SDDS) and currently provide information on data availability at the IMF's Internet website. The authorities have indicated their willingness to fully observe the specifications of the SDDS before the end of 1998.

The SDDS prescribes that data on gross national product and gross domestic saving be disseminated with a quarterly frequency within one quarter of the quarter to which the data have relevance. To observe these specifications of the SDDS, a new table under the heading "National product and saving – selected items" is added to page S-120 of this and future editions of the *Quarterly Bulletin*. The table under the heading "Ratios of selected data" (page S-139) is also expanded by the addition of a column indicating total household debt as a percentage of personal disposable income. Household debt is defined to include outstanding consumer credit and outstanding mortgage debt.

Opmerkings oor tabelle

Die Suid-Afrikaanse owerhede onderskryf die Internasionale Monetêre Fonds se Spesiale Dataverspreidingstandaard (in Engels die Special Data Dissemination Standard, of SDDS) en voorsien tans inligting oor die beskikbaarheid van gegewens op die IMF se Internetwebstasie. Die owerhede het hulle bereid verklaar om voor die einde van 1998 ten volle aan die bepalings van die Standaard te voldoen.

Die Standaard skryf voor dat gegewens oor die bruto nasionale produk en bruto binnelandse besparing kwartaalliks versprei word, binne een kwartaal ná die kwartaal waarop die gegewens betrekking het. Ten einde aan hierdie bepalings te voldoen, verskyn 'n bykomende tabel onder die opskrif "Nasionale produk en besparing – uitgesoekte poste" op bladsy S-120 van hierdie en toekomstige uitgawes van die *Kwartaalblad*. Die tabel onder die opskrif "Verhoudings van uitgesoekte gegewens" (bladsy S-139) is ook uitgebrei deur die toevoeging van 'n kolom waarin die totale skuld van huishoudings as persentasie van persoonlike beskikbare inkome aangedui word. Huishoudingskuld word omskryf as die som van uitstaande verbruikerskrediet en uitstaande verbandskuld.